

GEEN ANDER **EVANGELIE** Galasiërs

Goudland Hermeneutiek Konferensie
5-6 Maart 2018
Chris van Wyk

INLEIDING

GALASIËRS 1

Geen ander evangelie

Solum Euangelium

GALASIËRS 2

Christus leef in my

Solus Christus

GALASIËRS 3

Ons is kinders van God deur geloof

Sola Fide

GALASIËRS 4

Ons is kinders van die belofte

Sola Scriptura

GALASIËRS 5

Ons leef deur die Gees

Sola Gratia

GALASIËRS 6

Ons dra mekaar se laste

Soli Deo Gloria

INLEIDING

Paulus skryf hierdie brief aan die “gemeentes in Galasië” as ‘n omsendbrief (Gal. 1:2). Hy skryf dit namens al die gelowiges by hom van Korinte af. ‘n Sekretaris het hom bygestaan (Gal. 6:11).

Hierdie gemeentes was in die etnies-geografiese gebied Galasië geleë (Suid-Galasië-teorie) ‘n streek wat Paulus op sy eerste en tweede sendingreise besoek het, vandag min of meer in die suide van Turkye.

Paulus skryf die brief in dieselfde jaar as die briewe aan Tessalonika, ongeveer in die jaar 50 n.C. Hy verwys in Galasiërs 4:13 na sy eerste besoek aan hulle: “Julle weet dat ek die eerste keer weens my siekte die evangelie aan julle verkondig het”, soos Lukas dit in Handeling 13-14 beskrywe het. Hy het hulle ook ‘n tweede keer besoek op sy tweede sendingreis, soos Handeling 16:6 dit beskrywe.

Dit tref ‘n mens dat die sentrale boodskap van die Reformasie 16 eeue later duidelik in die brief ingebed lê. Uit die Reformasie is **vyf solas** gebore waarmee die boodskap daarvan opgesom kan word: **Solus Christus**, (alleen Christus), **Sola fide** (alleen deur geloof), **Sola scriptura** (alleen die Bybel), **Sola gratia** (alleen uit genade), en **Sola Deo gloria** (alleen eer aan God).

Nou is dit interessant dat ons ál die solas in hierdie brief kry: **Solus Christus** (Gal. 2:16; 3:22,26,29; vgl. ook 3:14,16; 5:1,6), **Sola fide** (Gal. 3:22; 5:6; vgl. ook Gal. 1:23; 2:16,20; 3:14,23,25,26), **Sola scriptura** (Gal. 3:8,22; 4:30), **Sola gratia** (Gal. 1:6,15; 2:21; 3:18; 5:4; vgl. ook Gal. 1:3 en 6:18 waar dit as ‘n groet en seën gebruik word), en **Soli Deo Gloria** (Gal. 1:5; 6:14).

Dit is ook wonderlik om juis die samehang van dié sentrale leerstukke van die geloof in Paulus se argumentasie raak te sien. Daarom gebruik ek dit as uitgangspunt vir die temas van die hoofstukke. Die vyf solas is uiteraard verweef met mekaar, omdat hulle as ‘n eenheid verstaan moet word, maar dit gee ons ‘n invalshoek om die boodskap van die brief nuut te kan hoor.

My gebed is dat jy Paulus se boodskap hierdeur goed sal hoor.

Daar is geen ander evangelie nie. Solum Euangelium.

Chris van Wyk
acv.vanwyk@gmail.com
<http://www.bybelskool.com>
0825749191

GALASIËRS 1

Geen ander evangelie

Solum Euangelium



Paulus skryf hierdie omsendbrief aan die gemeentes in die etnies-geografiese gebied Galasië in die suide van Turkye. Dit is die jaar 50 n.C.

Dit tref 'n mens dat die sentrale boodskap van die Reformasie 16 eeue later duidelik in die brief ingebed lê. Uit die Reformasie is vyf solas gebore waarmee die boodskap daarvan opgesom kan word: *Solus Christus*, (Alleen Christus), *Sola fide* (alleen deur geloof), *Sola scriptura* (alleen die Bybel), *Sola gratia* (alleen uit genade), en *Sola Deo gloria* (alleen eer aan God).

Dit is ook wonderlik om juis die samehang van dié sentrale leerstukke van die geloof in Paulus se argumentasie raak te sien. Daarom gaan ek dit as uitgangspunt gebruik vir die indeling van die prediking. Die vyf solas is uiteraard verweef met mekaar, omdat hulle as 'n eenheid verstaan moet word, maar dit gee ons 'n invalshoek om die boodskap van die brief nuut te kan hoor.

Ons begin met Galasiërs 1 waar Paulus inval met die boodskap: Daar is geen ander evangelie nie.

Galasiërs 1

1 Paulus, 'n apostel —nie op gesag van mense of deur 'n mens nie, maar wel deur Jesus Christus en God die Vader wat Hom uit die dood opgewek het —2 en van al die broers saam met my, aan die gemeentes van Galasië: 3 Genade vir julle en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus, 4 Hy wat Homself ter wille van ons sondes gegee het sodat Hy ons kan red uit die huidige bose bedeling volgens die wil van ons God en Vader, 5 aan wie die heerlijkheid toekom vir ewig en ewig! Amen.

Geen ander evangelie nie!

6 Ek is verstom dat julle so gou van Hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, wegdraai na 'n ander evangelie. 7 Daar is nie 'n ander evangelie nie, al is daar sommige mense wat julle probeer verwar en die evangelie van Christus wil verdraai. 8 Nee, selfs as ons of 'n engel uit die hemel 'n evangelie aan julle verkondig in stryd met wat ons aan julle verkondig het, laat hom vervloek wees! 9 Soos ek so pas gesê het, sê ek nou weer: As iemand aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met wat julle ontvang het, laat hom vervloek wees! 10 Moet ek dan nou mense tevrede stel, of vir God? Of streef ek daarna om mense se guns te wen? As ek nog steeds mense se guns probeer

wen, sou ek nie meer 'n dienskneg van Christus wees nie!

Paulus se evangelie kom van God self

11 Ek wil hê julle moet weet, broers, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie van 'n mens kom nie, 12 want ek het dit nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar wel deurdat Jesus Christus aan my geopenbaar is. 13 Julle het immers gehoor hoe ek vroeër volgens die Joodse godsdiens geleef het, dat ek die kerk van God tot die uiterste vervolg en probeer vernietig het, 14 en dat ek in die uitlewing van die Joodse godsdiens baie van my tydgenote in my volk oortref het deurdat ek my soveel meer beywer het vir die tradisies van my voorvaders. 15 Toe dit God egter behaag het —Hy wat my afgesonder het van voor my geboorte af en my deur sy genade geroep het —16 om sy Seun aan my te openbaar sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig, het ek nie dadelik vlees en bloed geraadpleeg nie. 17 Ook het ek nie na Jerusalem opgegaan na hulle wat vóór my apostels was nie, maar ek het wel na Arabië gegaan en toe weer na Damaskus teruggekeer. 18 Eers later, ná drie jaar, het ek na Jerusalem opgegaan om Sefas te ontmoet en ek het vyftien dae by hom gebly, 19 maar van die apostels het ek niemand anders gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here. 20 Wat ek vir julle skryf —kyk, dit sê ek voor God! —ek lieg nie. 21 Later het ek na die streke van Sirië en Silisië gegaan, 22 maar ek was persoonlik onbekend by die Christelike gemeentes in Judea. 23 Al wat hulle gehoor het, was: “Hy wat ons voorheen vervolg het, verkondig nou die geloof wat hy vroeër probeer vernietig het!” 24 En hulle het God oor my geëer. (BDV)

Maarten Luther – hier staan ek, ek kan nie anders nie!

Maarten was baie lief vir die brief aan Galasiërs. Hy het daarvan gesê: “Der Galaterbrief ist mein Lieblingsbrief, dem ich mich ganz anvertraut habe. Er ist meine Käthe von Bora.” (Luther’s Table Talks). “Die brief aan die Galasiërs is my lieflingsbrief, aan wie ek my heeltemal toevertrou het. Dit is my Katie von Bora (sy vrou).” Hy was vir hierdie brief aan die Galasiërs selfs meer lief as die brief aan die Romeine wat natuurlik ook 'n geweldige impak op sy teologie gehad het.

Op pad om die evangelie in Worms te verdedig in 'n verhoor wat die pous gereël het in April 1521, het Maarten geweet het dat hy met sy lewe kan boet vir sy prediking en skryfwerk. Tog was hy meer as bereid om vir die evangelie te sterwe. Soos hy gesê het: “My kop is niks werd as ek dit vergelyk met Christus nie.”

Hy het geweet daar is geen ander evangelie nie, soos Galasiërs dit hom geleer het. Dit is eerder die pous wat 'n valse evangelie aangehang het. In 'n parodie op die 12 artikels het Maarten van die pous gesê dat die waarheid onder sy leiding: “gely het, gekruisig is, en begrawe is”.

Tweeduisend mense het vir dié verhoor in Worms opgedaag. Toe Maarten ge-

konfronteer is met 'n stapel boeke wat hy geskrywe het, en gevra is of hy steeds by die waarheid daarvan staan, het hy vir 'n nag gevra om dit te oordink. Sy kop was immers op die spel.

In 'n roerende opgetekende gebed dié nag bid hy die Here om hom te laat vasstaan in die moed van sy oortuiging:

“O Almagtige en ewige God, hoe verskriklik is hierdie wêreld! Kyk, dit maak sy mond oop om my in te sluk, en ek het so min vertroue in U ... Hoe swak is die vlees, die Satan so sterk! ... My laaste uur het gekom, my vonnis is gevel ... O God, o God! ... O God, help my teen die wysheid van hierdie wêreld. Doen dit. U sal dit moet doen ... U alleen ... want dit is nie my werk nie, maar U s'n ... O Here, help my! Getroue en onveranderlike God, in niemand anders plaas ek my vertroue nie. Dit sal tevergeefs wees ... o God, my God, hoor U my nie? ... My God, is U dan dood? ... Nee, U kan nie dood wees nie. U het Usself net verberg. U het my gekies vir hierdie werk. Dit weet ek goed! ... Tree dan op o God ... staan langs my sy, om u geliefde Seun Jesus Christus se ontwil. Hy is my Verdediging, my Skild, my sterk Toring.”

Hy het opgestaan die dag ná die gebed en geweet dat hy JA sal moet antwoord. Wat hy nie geweet het nie is watter impak hierdie besluit sou hê op Duitsland, Europa, ons almal. 'n Mens raak yskoud as jy dink hoe anders die gang van die Christendom en die Hervorming kon wees as Luther dié nag geswig het onder die druk.

In woorde wat tot vandag toe weerklink, het Maarten voor koning Charles V en talle politieke en geestelike leiers geantwoord:

“Aangesien u Majesteit en die ander here 'n eenvoudig antwoord verlang, sal ek antwoord sonder horings en sonder tande. Tensy ek deur die Skrif en eenvoudige rede oortuig word – ek aanvaar nie die gesag van pouse en konsilies nie, want hulle weerspreek mekaar – is my gewete gebind aan die Woord van God. Ek kan nie en ek sal nie enigiets terugtrek nie, want om teen 'n mens se gewete te gaan is nie reg nie en ook nie veilig nie. Hier staan ek, ek kan nie anders nie. So help my God. Amen.”

En al het Luther van dié oomblik 'n voortvlugtige geraak, het sy rotsvaste verdediging van die evangelie die weg gebaan vir die omarming van die evangelie deur die Reformasie. Daar is immers geen ander evangelie nie. (Lutzer, *Rescuing the Gospel*, in die hoofstuk Here I Stand.)

Die gesag van die ware evangelie

Ons moet onthou dat Galasiërs geskryf is nog in die vroeë jare van die vestiging van die Christelike geloof, skaars 20 jaar na die kruisdood en opstanding van Jesus Christus. Baie het tot geloof gekom en die evangelie aanvaar, maar saam met die uitbreiding van die evangelie het daar ook nie net teenstand gekom nie, maar ook mense wat verskillende vals weergawes van die evangelie

versprei het.

Daarom het Paulus van die begin af moeite gedoen om die ware evangelie teenoor die valse en ketterse evangelies te verdedig. Want, hy het geweet, dit gaan nie net oor die suiwerheid van die geloof wat vir die nageslagte oorgedra moet word nie. Dit natuurlik ook. Maar, Paulus het geweet dit gaan oor hierdie mense se ewige bestemming. Dit is hulle verbintenis aan God wat op die spel is. Die evangelie van die Here Jesus Christus het immers mense vanuit hierdie wêreld se boosheid en donkerte kom red om gemeenskap met Hom en sy Vader te hê, soos hy in vers 4 sê. Hulle ewigheid was op die spel.

Voordat hy egter die valse evangelies aan die kaak stel, soos hy in hoofstuk 2 tot 6 gaan doen, en die ware evangelie van Christus, geloof, die Skrif, genade en die eer van God op die tafel gaan sit, het hy eers nodig om die gesag waarmee hy hierdie boodskap bring, te verdedig. En hy doen dit op twee maniere in hoofstuk 1.

1. Hy verdedig die gesag van sy apostelskap.
2. En hy verdedig die gesag van die inhoud van die evangelie wat hy verkondig.

Die gesag van Paulus se apostelskap

Paulus verdedig in die eerste plek die gesag van sy apostelskap in hierdie brief, omdat daar mense was wat beswaar gemaak het teen sy verkondiging van die evangelie. Daarom verklaar hy reg aan die begin van die brief: “Ek is ... aangestel ... deur Jesus Christus en deur God die Vader” (Gal. 1:2). Julle kan julle steur aan wat ek te sê gaan hê, nie net omdat ek die evangelie vroeër aan julle in Galasië verkondig het nie – soos mens in die verhale van Handeling 13-14 kan lees – maar ook omdat ek aangestel is deur God self om dié evangelie aan julle te verkondig.

En dit is nie net ek wat so sê nie, sê Paulus. Ek kan dit staaf uit die Skrif sowel as uit die goedkeuring wat die kerk in Jerusalem daaraan verleen het. Paulus is dus duidelik daarvoor. Sy evangelie kom van God af. Hy kan dit bewys.

Laat dit insink. As jy na Paulus se brief aan die Galasiërs luister, luister jy na iemand wat die evangelie direk van die Here Jesus Christus ontvang het en drie jaar gespandeer het om die openbaring aan hom te verstaan en in sy verhouding met Jesus te groei.

Dit is waarom ons na Paulus se briewe kan luister. Dit is waarom die kerk dit as gesagvol in die kanon ingesluit het. Dit is waarom sy brief gesag het in ons lewens. Ons hoor die woorde van Paulus as die Woord van God. Dit is die lewende stem van God.

‘n Mens kan Paulus se gesag toets aan sy roeping

Trouens, Paulus is helder daarvoor dat sy roeping tot die evangelie begin voor

sy geboorte! Hy is geroep vir die evangelie vóór sy geboorte. Hoekom sou hy dit beklemtoon? Want hy wil beklemtoon dat sy evangelie van God af kom, nie van homself af nie. God het nie gekyk na hoe sy lewe ontwikkel voor Hy hom gekies het nie. God het nie gekyk na sy vermoëns wat geslyp is onder die geoefende oog van sy leermeester Gamaliël nie en toe besluit, hy sal 'n vangs vir die evangelie wees nie.

Nee, God het Paulus gekies lank voor sy geboorte, sê Paulus aan die begin van sy brief. Dit was God se plan dat Paulus 'n apostel sou wees. Dit was plan A. Daar was nooit 'n plan B nie. Dat Paulus 'n apostel sou word, was dus nooit Paulus se idee nie. Dit was van altyd af God se plan.

Maar dit is nie al nie.

'n Mens kan Paulus en sy roeping tot die evangelie toets aan die Skrif

'n Mens kan Paulus en sy roeping tot die evangelie toets aan die Skrif. Paulus sluit hier in vers 15-16 doelbewus aan by twee OT profete se uitsprake.

- Die een is Jeremia wat op dieselfde wyse as Paulus vóór sy geboorte al geroep is (Jer. 1:5; vgl. ook Jes. 49:1). Soos Jeremia het Paulus sy roeping van God af ontvang. Hy kon daarom nooit iets anders doen as om dié roeping uit te voer nie. Selfs sy aanvanklike teenstand het nie vir God van dié plan laat afwyk nie.

- Die ander is Jesaja waarvan sy boodskap in Jesaja 49:6 duidelik as een van Paulus se roepingstekste funksioneer, soos hy nog duideliker in Handeling 13:47 in sy bediening vroeër aan hulle aanhaal: “want so lui die Here se opdrag aan ons: Ek het U gegee as 'n lig vir die nasies, sodat U verlossing kan bring tot in die uithoeke van die aarde.” Hier in Galasiërs verwoord hy dit as 'n roeping wat God hom gegee het toe Hy besluit het: “om sy Seun aan my te openbaar sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig.” (Gal. 1:15-16).

Dit tref dit my dat hierdie bewussyn van 'n Goddelike roeping so ontsettend belangrik is in die Christelike lewe. “Dat ek 'n apostel is” – en vervang die woord apostel nou maar met enige ander roeping wat God jou gee – “dank ek nie aan mense nie. Ek is ook nie deur 'n mens aangestel nie, maar deur Jesus Christus” (Gal. 1:1-2). God het my voor my geboorte al uitgekies. Ek moet sy Seun aan die heidene verkondig. Glashelder.

Sonder twyfel weet Paulus dit. Sonder hierdie besef kan geen mens hulle werk vir die Here met vertroue, verwagting en veral volharding doen nie.

Hierdie roeping kan baie vorms aanneem. Sommige het 'n roeping na 'n amp (ouderling, diaken, kategeet, jeugwerker, leraar). Ander het 'n roeping rondom 'n gawe (gasvryheid, leierskap, skilder, bemoediging, skryf, omgee). Nog ander het 'n roeping rondom 'n saak (armoede, onreg, misdaad, gesondheid, omgewing, gemeenskap, opvoeding). Die vorm maak nie saak nie. Die verbintenis aan 'n roeping wat God gee, maak egter baie saak.

Maar dit is nie al wat Paulus verdedig nie. Hy is nie net bedag daarop dat hulle sy gesag as apostel erken en aanvaar nie. Ten diepste gaan dit ook oor die inhoud van die evangelie wat hy verkondig, die gesag van Christus self.

Die gesag van die inhoud van die evangelie wat Paulus verkondig

Paulus verdedig dus in die tweede plek ook die gesag van die inhoud van die evangelie wat hy verkondig, omdat daar mense was wat sy weergawe van die evangelie vanuit hulle eie interpretasies en leringe probeer afmaak het. Daar is regtig niks nuuts onder die son nie! Daarom verdedig Paulus nie net sy gesag as apostel nie, want dit sou deur sommige as subjektief verwerp kon word, maar beroep hom op die inhoud van 'n openbaring van die Here Jesus Christus self: "Jesus Christus het dit in 'n openbaring aan my gegee" (Gal. 1:12). Hy staaf dit deur te verwys na 'n min of meer drie jaar tydperk waarin hy deur die Here Jesus self onderrig is in die fyner nuanses van die evangelie.

Dit is dus duidelik dat Paulus se evangelie om Christus en om Hom alleen draai. Christus is op die regte tyd aan hom geopenbaar. 'n Mens kan selfs sê dat Christus nie net aan hom geopenbaar is nie, maar in hom, op grond van sommige se interpretasie van die Griekse frase. Paulus se ervaring by die pad na Damaskus was 'n dramatiese verandering. Christus het in hom kom woon. Sy hele lewe het daarmee onherroeplik verander.

Dink daaroor na. God se verkiesing voor Paulus se geboorte, soos hy nou alreeds beredeneer het, word 'n werklikheid as Christus in Paulus kom woon en die sentrum van sy lewe word.

Dit is nie anders vir ons nie

Dit is nie anders vir ons nie. Ons lewe verander eers as Christus in ons aan ons geopenbaar word, as ons daardeur tot inkeer kom, en tot die besef kom dat Christus die Seun van God is, dat Hy: "Homself ter wille van ons sondes gegee het sodat Hy ons kan red uit die huidige bose bedeling volgens die wil van ons God en Vader." Vers 4. Wanneer ons besef dat dit God is: "aan wie die heerlijkheid toekom vir ewig en ewig! Amen." Vers 5.

Daar is dus 'n deurleefdheid en egtheid in die evangelie wat hy verkondig vanuit hierdie direkte onderrig van die Here. Maar, dit sou daarom ook weerklank by die Galasiërs vind, want hulle kon die radikale ommeswaai in sy lewe sien wat gekom het van die ervaring by die pad na Damaskus. Almal het dié storie geken en geweet hoe hy van 'n vurige vervolger van die evangelie in 'n vurige volgeling van die evangelie verander het. Sy integriteit was dus bo verdenking.

Meer nog, hy kon die inhoud van die evangelie wat hy verkondig, koppel aan die enigste werklike gesagsbron wat vir die kerk van die eeue gegeld het, die Skrif, die Woord wat God hulle gegee het, die Woord wat die lig op hulle pad en die lamp vir hulle voet was, die Woord waarvan die beloftes hulle deur elke lewensfase en uitdaging begelei het. Hy sal daarom in hierdie brief verder

gaan om altesame veertien eksplisiete aanhalings uit die OT te maak om sy evangelie te begrond sowel as 'n hele paar ander implisiete aanhalings.

Paulus kon dus aanspraak maak daarop dat hy met gesag met hulle kan praat. Hy kon dit doen omdat Hy deur God self aangestel is en dit ook deur die kerk erken en bevestig is. En hy kon dit doen, omdat sy evangelie in oorstemming is met die getuienis van die Here Jesus Christus soos dit begrond is op die Woord van God soos God dit deur die eeue aan die kerk oorgelewer het.

Hieruit leer ons alreeds twee belangrike goed wat ook in ons kerk van belang is. Die gesag waarmee iemand praat, kan getoets word aan die egtheid van hulle roeping en met hoeveel passie hy of sy dit uitvoer. Dit geld leraars en lidmate. En die gesag kan getoets word aan die rol wat die Woord speel in die inhoud van die verkondiging of lering. Dit geld ook leraars en lidmate.

Hoekom is dit só belangrik?

Nou, hoekom is dit só belangrik? Kan 'n mens nie maar reken dat ons verskillende interpretasie moet toelaat van die evangelie, selfs al wyk dit op plekke af van die duidelike uitsprake van die Skrif nie? Gaan dit nie meer oor die verdraagsaamheid waarmee ons die diversiteit in interpretasies akkommodeer nie, eerder as die suiwerheid van die interpretasie self nie?

Wel oordeel self of Paulus só 'n verdraagsaamheid van verskillende interpretasies sou geduld het as dit in stryd wat met die Woord. Wat sê Paulus?

'n Valse evangelie bring jou ewigheid in die gedrang

Paulus begin die inhoud van sy brief in vers 6 nie met die gebruikelike lofprysing en waardering vir die getrouheid en geloof van die gemeentes in Galasië nie. Nee, hy val direk weg met 'n brutale teregwyding: "Ek is verstom dat julle so gou van Hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, wegdraai na 'n ander evangelie. Daar is nie 'n ander evangelie nie."

Wat die Galasiërs moet raaksien, is dat die evangelie op die spel is as jy ander weergawes daarvan akkommodeer. Al wat die verskillende weergawes van die evangelie doen, is dat dit die mense "probeer verwar en die evangelie van Christus wil verdraai".

Diverse toepassings van die evangelie kan nog gaan, is inderdaad noodsaaklik gegewe die diverse mense en omstandighede waarby en waarin die evangelie moet aankom, maar as die evangelie self verdraai en verander word sodat die direkte band met die Skrif nie meer duidelik is nie, dan is jy besig met 'n ander evangelie. Punt.

Daarom, "selfs as ons of 'n engel uit die hemel 'n evangelie aan julle verkondig in stryd met wat ons aan julle verkondig het, laat hom vervloek wees!" Dit kan skaars duideliker en meer direk gestel word. Daar is nie twee maniere om die

evangelie te verstaan wat mense: “vanuit die huidige bose bedeling” wil red volgens die wil van God die Vader nie. Enige evangelie wat die huidige bose bedeling wil akkommodeer en kinders van die Here wil help om aan te pas by die wêreld en die begeertes van die wêreld, is ‘n ander evangelie, en nie meer die evangelie van Jesus Christus nie.

Laat hom vervloek wees

Só iemand, iemand wat só ‘n evangelie verkondig, sê Paulus, speel met die evangelie, speel met mense se lewens, verwar en verduister die enigste ware evangelie. Daar is net een woord wat vir só iemand kan geld: “laat hom vervloek wees”.

Die rede vir hierdie brutale teregwyding is dat ‘n ander evangelie, ‘n evangelie wat van Paulus s’n verskil, jou ewigheid in die gedrang kan bring. Daarom is Paulus so direk en brutaal aan die begin van hierdie brief.

Dit is waarom hy met soveel passie skryf oor sy woede oor mense wat gelowiges van die waarheid wil laat afdwaal. Sy woede word met net soveel passie oorgedra as sy vreugde oor die evangelie. Die vloek wat Christus vir ons aan die kruis verwyder het, sê Paulus, by wyse van spreke, moet rus op dié wat die evangelie verander en verwerp.

Hoekom? Want, die hele doel van die evangelie is om jou uit die huidige bose bedeling te red, aangesien hierdie wêreld met al sy skoonheid vasgevang is in die greep van die Bose.

Ons sien dit in die korrupsie en sameswerings van leiers in soveel lande in die wêreld. Ons sien dit in die ongebreidelde losbandigheid van soveel mense in die wêreld. Ons sien dit in die verskonings wat uitgedink word vir wat die Bybel as sonde beskrywe.

Enige evangelie wat jou nie konfronteer met jou eie sonde en afvalligheid nie, enige evangelie wat jou vryspreek sonder om jou afvalligheid aan te spreek, is ‘n evangelie wat nie die toets van Paulus se brief aan die Galasiërs sal deurstaan nie.

Vyf verskillende vals evangelies

En elkeen van die volgende vyf hoofstukke in die brief aan die Galasiërs sal uitbrei oor verskillende vals evangelies; evangelies wat jou nie vrymaak van jou sondige denkpatrone nie, wat jou nie vrymaak van jou sondige praktyke nie; evangelies wat jou toelaat om onderskeid te maak tussen gelowiges, of jou eerder op jou eie vermoëns laat staatmaak as op God; evangelies wat jou keer om te leef uit die beloftes van die Skrif, wat jou aanmoedig om die genade te misbruik om sonde te doen; evangelies wat jou eerder laat leef vir jouself, en vir jou eie behoeftes as vir God en jou medegelowiges s’n.

Want:

• **As jy onderskeid maak tussen gelowiges**, soos Petrus en Barnabas in Antiogië gedoen het, en dit goedpraat, dan het jy met 'n ander evangelie te make, soos Paulus in hfst. 2 sal argumenteer. Die beginsel van Solus Christus (alleen Christus) kom in gedrang.

• **As jy vertrou op die wet eerder as op God**, bv. as jy die besnydenis of enige ander ding soos bv. vandag die groot of klein doop byvoeg as 'n merkteken van die evangelie, asof jy nie alleen deur geloof gered word nie, en dit goedpraat, dan het jy met 'n ander evangelie te make, soos hy in hfst. 3 sal argumenteer. Die beginsel van Sola fide (alleen deur geloof) kom dan in gedrang.

• **As jy nie leef uit die beloftes van die Skrif nie**, en bv. die nakoming van die wet of erger nog 'n stel kultuurreëls 'n merkteken of vereiste maak van die evangelie, en dit goedpraat, het jy met 'n ander evangelie te make, soos hy in hfst. 4 sal argumenteer. Die beginsel van Sola scriptura (alleen die Bybel) kom in die gedrang.

• **As jy die genade misbruik om sonde te doen**, bv. deur onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid en 'n reeks ander sondes toe te laat in jou lewe saam met die evangelie, en dit goedpraat, dan het jy met 'n ander evangelie te make, soos hy in hfst. 5 sal argumenteer. Dit bring die beginsel van Sola gratia (alleen uit genade) in gedrang.

• **As jy vir jouself leef eerder as vir God**, jouself afskei van ander in veroordeling eerder as om hulle laste te dra, en boonop self sonde doen, dan het jy met 'n ander evangelie te make, soos hy in hfst. 6 sal argumenteer. Dit bring die beginsel van Soli Deo Gloria (alleen eer aan God) in gedrang.


Daar is geen ander evangelie nie. Enige ander evangelie bring jou ewigheid in gedrang. Die vloek van die sonde bly dan rus op jou. Daar is dan geen verlossing vir jou nie. Want, daar is net verlossing in Christus beskikbaar.

Daar is geen ander evangelie nie.

GALASIËRS 2

Christus leef in my

Solus Christus



Inleiding

Paulus gaan verder om sy evangelie te verduidelik, 'n evangelie wat gebaseer is op Christus, en op Hom alleen, 'n helder verkondiging van die fundamentele beginsel Solus Christus (alleen Christus).

Om aan te sluit by die boodskap van hoofstuk 1 wil ek egter eers 'n paar verdere opmerkings maak oor hoe ons weet dat wat Paulus hier sê die regte evangelie is. Ek het reeds vyf valse evangelies uitgespel wat in die res van die brief aan gesprek gaan word. Maar, hoe onderskei ons die ware evangelie van die valse evangelies?

Ek dink daar is vyf maatstawwe wat ons kan aanlê. Die vyf maatstawwe werk as 'n eenheid, veral die eerste drie. Die ander twee het meer met die praktyk te make.

1. OORSPRONG

Die evangelie moet in die eerste plek van God af kom. Dit is hoekom Paulus hom in hoofstuk 1 op God se gesag beroep het. Hy was helder daarvoor dat God die oorsprong is van sy evangelie. Paulus kon hom beroep het op 'n Damaskus ervaring. Hy kon hom beroep het op die tyd van drie jaar in Arabië waar die Here Jesus hom onderrig het. Hy kon hom beroep het op die ooreenstemming met ander gelowiges en leiers se ervaring.

Maar ons ervaring van God kan misleidend wees. Ons kan te subjektief betrokke wees by ons eie standpunte en idees oor God. Om maar net te sê, God het so gesê, kan nooit op sy eie bene staan nie. Dit kan nooit op sy eie as 'n maatstaf dien vir die ware evangelie nie. Daar is nog iets nodig.

2. GESAG

Die evangelie moet in die tweede plek deur die Woord kom. Dit is die objektiewe pool van die evangelie. Om regtig te kan glo dat iets van God af kom, het jy meer nodig as jou eie ervaring. Jy het die Woord nodig as die gesagsbron van die evangelie. Dit is waarom Paulus in die eerste hoofstuk verwys het na twee Skrifgedeeltes wat hom oortuig het in daardie tyd dat sy ervaring van God af was, Jer. 1:5 en Jes. 49:6. Die Woord het dus gesag gedra in sy lewe. Dit vorm die objektiewe kant van die evangelie.

Maar dit is ook nog nie genoeg op sy eie nie. Daar is baie Skrifgedeeltes en baie maniere waarop 'n mens dit kan verstaan.

3. KONSEKWENT

Die evangelie moet konsekwent in die Skrif staan. Die Skrif is immers 'n geheel. Die gedeeltes pas by mekaar. Die Skrif lê ander Skrifgedeeltes uit. Dit bevestig en verfynd die evangelie sodat ons dit volledig kan verstaan. Die verwysing na Jer. 1:5 in hoofstuk 1 word daarom ook geëggo in Jesaja 49:1. En Paulus sal voortgaan om altesame 14 Skrifgedeeltes aan te haal deur die loop van Galasiërs wat die konsekwentheid van sy eie weergawe van die evangelie gaan onderstreep. Die veertien verwysings (met soortgelyke verwysings in hakies) is:

1. Jer. 1:5 (Jes. 49:1) in Gal. 1:15;
2. Jes. 49:6 in Gal. 1:16;
3. Lev. 19:15 in Gal. 2:6;
4. Ps. 143:2 in Gal. 2:16;
5. Gen. 15:6 in Gal. 3:6;
6. Gen. 12:3 in Gal. 3:8;
7. Deut. 27:26 in Gal. 3:10;
8. Hab. 2:4 in Gal. 3:11;
9. Lev. 18:5 in Gal. 3:12;
10. Deut. 21:23 in Gal. 3:13;
11. Gen. 12:7 (Gen. 13:15; 17:7; 24:7) in Gal. 3:16;
12. Jes. 54:1 in Gal. 4:27;
13. Gen. 21:10 in Gal. 4:30 (die hele hfst. 4 is geskoei op Sara-Hagar verhaal in Genesis);
14. Lev. 19:18 in Gal. 5:14.

As jy mooi kyk, sal jy sien dat Paulus uit die wet aanhaal – 4 tekste uit Genesis, 2 tekste uit Levitikus, 2 tekste uit Deuteronomium – sowel as uit die profete – 2 tekste uit Jesaja, 1 uit Jeremia en 1 uit Habakuk – en uit die geskrifte – 1 teks uit Psalm 143. Uit al drie hoofdele van die OT.

En dit sal ons regdeur Paulus se ander briewe ook sien. Hy haal kwistig uit die OT aan om die evangelie van Jesus Christus te bevestig en te onderstreep. Dit is lewensbelangrik vir hom om nie net 'n enkele aanhaling uit die Skrif te gebruik nie, maar talle gedeeltes wat die konsekwentheid van die boodskap kan onderstreep.

As jy meer hieroor wil lees, kan jy gerus kyk na GK Beale en DA Carson se monumentale werk oor die gebruik van die OT in die NT waarin 18 top Nuwe Testamentici geskryf het: *Commentary on the New Testament Use of the Old*

Testament (Baker, 2007).

4. VRUG

Die evangelie self moet in die vierde plek vrug dra in mens se lewe. Jy sien, 'n mens kan die evangelie in Christus verwerp al lewe jy 'n goeie lewe. Dit sien ons by teenstanders van die evangelie. Maar, 'n nog groter probleem is dat jy die evangelie kan verdraai al lewe jy 'n goeie lewe; dat jy dit kan verander om in te pas by jou eie idee van hoe dinge werk; dat jy dinge uit die Skrif kan weglaat, en ander gedagtes kan byvoeg, sodat die evangelie na jou smaak is. Die vrug moet uit die Skrif en die gehoorsaamheid aan God se Woord kom. Anders het jy met 'n selfgemaakte evangelie te make waarin jy kies wat jy gehoorsaam en wat ni.

Daarom is daar maar net een manier om met die evangelie te werk en dit is om dit te verdedig in sy totaliteit; om in die stryd daarvoor en daaruit betrokke te raak; om toe te laat dat die evangelie vrug dra in jou en ander se lewe. Hieroor sal Paulus in hoofstuk 3 begin skryf, maar veral in die laaste twee hoofstukke sterk aandag gee.

5. HEILIGMAKING

Die evangelie moet in die vyfde plek ook deel wees van 'n proses van heiligmaking. Paulus het sy vorige lewenswyse verlaat van teenstand teen die evangelie en nou voluit gegaan vir die boodskap van Christus; die evangelie wat hy verkondig is dat ons uit die sondige wêreld gered word deur die geloof in Christus.

Daaroor sal ons veral in hoofstuk 5 verder hoor.

Galasiërs 2

Die egtheid van Paulus se evangelie word in Jerusalem erken

1 Daarna, veertien jaar later, het ek weer na Jerusalem opgegaan, saam met Barnabas. Ek het ook Titus saamgeneem. 2 Ek het op grond van 'n openbaring gegaan en die evangelie wat ek onder die heidene verkondig aan hulle voorgelê —afsonderlik aan die mense van aansien —sodat ek nie vergeefs die wedloop hardloop of gehardloop het nie. 3 Maar selfs Titus, wat saam met my was, is nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy 'n Griek is. 4 Daar was wel aandrang van die kant van die skynbroers, wat ons geledere onder valse voorwendsels binnegesypel het om op die vryheid wat ons in Christus Jesus het te spioeneer sodat hulle slawe van ons kon maak. 5 Aan hulle het ons nie vir 'n oomblik in onderdanigheid toegegee nie, sodat die waarheid van die evangelie onder julle behoue sou bly. 6 Maar die mense van aansien —wat hulle vroeër was, maak aan my geen verskil nie; God slaan nie ag op die aansien wat 'n mens het nie —ja, die vooraanstaande mense het niks meer van my verwag nie. 7 Intendeel, toe hulle sien dat die evangelie vir die onbesnedenes aan

my toevertrou is, soos aan Petrus die evangelie vir die besnedenes 8 —want Hy wat Petrus bemagtig het met die oog op die apostelskap vir die besnedenes, het my ook bemagtig met die oog op die heidene —9 het Jakobus en Sefas en Johannes wat as die pilare gereken is, die genade wat aan my gegee is, begryp en het hulle 'n hand van broederskap na my en Barnabas gereik, sodat ons na die heidene sou gaan, en hulle na die besnedenes. 10 Ons moes slegs aan die armes dink —presies wat ek my ook beywer het om te doen.

Paulus verdedig die waarheid van die evangelie in Antiogië

11 Toe Sefas in Antiogië aangekom het, het ek hom egter openlik teengegaan omdat hy skuldig gestaan het; 12 want voordat sekere mense van Jakobus opgedaag het, het Sefas gewoonlik saam met die heidene geëet, maar toe hulle opdaag, het hy hom teruggetrek en afgesonder omdat hy bang was vir diegene uit die besnydenis. 13 En die ander Jode het ook saam met hom gehuigel, met die gevolg dat selfs Barnabas deur hulle huigelry meegevoer is. 14 Maar toe ek sien dat hulle nie die reguit pad loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek voor almal vir Sefas gesê: “As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden leef en nie soos 'n Jood nie, hoe kan jy nie-Jode dwing om soos Jode te leef?” 15 Ons is gebore Jode en nie sondaars uit die heidene nie 16 en tog weet ons dat 'n mens nie op grond van nakoming van die wet geregverdig kon word nie, maar slegs deur die geloof in Jesus Christus. Ook ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons vrygespreek kon word op grond van geloof in Christus en nie op grond van nakoming van die wet nie, omdat geen mens op grond van wetsgehoorsaamheid geregverdig sal word nie. 17 En as dit blyk dat ons, in ons soeke om in Christus vrygespreek te word, self ook sondaars is, is Christus dan miskien 'n dienaar van die sonde? Hoegenaamd nie, 18 want as ek wat ek afgebreek het weer opbou, wys ek daarmee dat ek self 'n oortreder is. 19 Inderdaad, deur die wet het ek die wet afgesterf sodat ek vir God leef. Met Christus is ek gekruisig; 20 ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my! Die lewe wat ek nou liggaamlik leef, leef ek in geloof in die Seun van God wat my liefgehad en Homself vir my oorgegee het. 21 Ek verwerp nie die genade van God nie, want as vrypraak deur die wet kom, dan het Christus tevergeefs gesterf. (BDV)

Paulus verduidelik en verdedig sy evangelie

Waaroor Paulus dit in hoofstuk 2 het is dat die waarheid van die evangelie van die Here Jesus Christus bo alles bevestig moet word. Dit was vir Paulus só belangrik dat hy alles in sy vermoë gedoen het om dit hier nie net te verduidelik nie, soos hy met nog meer passie sou doen in hoofstuk 3 en verder, en natuurlik in al sy briewe wat hierop sou volg. Nee, hy doen ook moeite om die waarheid van die evangelie in die praktyk te verdedig.

Kyk, ons het soms die idee dat ons alle verduidelikings van die evangelie moet aanvaar in die wanopvatting dat diversiteit goed is, dat ons akkommoderend moet wees, verdraagsaam, dat almal maar mag dink soos hulle dink.

Paulus verskil lynreg daarmee. Nie net het hy in hoofstuk 1 reeds gesê dat daar geen ander evangelie is nie, maar in hoofstuk 2 demonstreer hy hoe lewensbelangrik dit is dat die waarheid van die evangelie beskerm en verdedig moet word teen elke poging om ander idees toe te laat in die waan dat jy daarmee verdraagsaam is.

Dit is juis hierdie sentrale dogma van die regverdiging deur geloof in Jesus Christus, Solus Christus, wat nie net die sentrale fondament sou wees van alles wat Paulus verder gaan sê ook in die res van sy briewe nie, maar wat in die geskiedenis van die kerk en veral in die Hervorming die sentrale dogma geword het.

Dit is Jesus Christus, en Hy alleen, wat ons verlos van ons skuld, van hierdie bose wêreld. Buite Hom om is daar geen saligheid nie. Daar is geen ander evangelie as die evangelie van die Here Jesus Christus nie.

Die waarheid van die evangelie is op die spel

Nou, dit is ook die rede waarom Paulus die vals leraars so sterk aanvat, want hulle het gesê hy is verkeerd, hy is nie in lyn met die ander apostels nie, en doen skade aan dié mense wat 'n godvresende lewe leef. Hulle wou die Joodse voorskrifte saam met die evangelie voorskryf vir alle mense. Maar, daarmee het hulle die evangelie van Jesus Christus, die evangelie van die regverdiging deur die geloof in Jesus Christus in die gedrang gebring.

Daarom beklemtoon Paulus in hierdie hoofstuk nie net die instemming wat die apostels met sy evangelie betuig het nie (vers 1-10), maar wys hy ook uit hoe Petrus en Barnabas afgewyk het van hulle akkoord oor die evangelie (vers 11-14), en verduidelik op 'n boeiende manier die wonder van die regverdiging van die geloof in Christus alleen (vers 15-21).

Daar is regtig nie 'n ander evangelie nie! Paulus se weergawe daarvan, in ooreenstemming met die konsensus van die apostels, is die enigste universele legitieme interpretasie van die evangelie.

En dit is dié evangelie wat elkeen van ons wat ná Paulus kom, moet verduidelik en verdedig. Nie een van ons kan 'n ander interpretasie gee van wat Paulus hier gee van die evangelie nie. Want, daar is geen ander evangelie nie.

Ons moet dit goed hoor. En ons moet onself in lyn hiermee kry. Verdraagsaamheid rondom die waarheid van die evangelie is verraad. Dit rand die sentrale boodskap daarvan aan. Dit is Solus Christus en basta. Jy behoort aan die liggaam van Christus vanweë jou geloof in Jesus Christus en dit is die end daarvan. Jy hoef nie nog dít of dát te doen om deel van die liggaam van Christus te word nie. As jy glo in Jesus, is jy welkom.

Dink 'n bietjie hieroor na. As jy vandag glo in Jesus, is jy welkom hier. Daar is nie een of ander standaard waaraan jy gemeet word nie. Niks nie. Solus

Christus. Alleen Christus.

Natuurlik is daar standarde vir die geloofsgemeenskap, soos Paulus in hoofstuk 5 en 6 baie helder en duidelik gaan uitspel, dinge wat veral met die vryheid van sonde en die vrug van die Gees en 'n fokus op die dra van mekaar se laste te make het. Maar om IN te kom in die geloofsgemeenskap het net met die geloof in Jesus Christus te make.

En om jou van die waarheid hiervan te oortuig, kan jy Paulus se argument in dié hoofstuk vir jouself omarm. En hy verduidelik hierdie waarheid dat dit net geloof in Christus is wat jou red op drie maniere.

1. Titus is nie gedwing om besny te word nie

In die eerste plek verduidelik Paulus die waarheid van Solus Christus deur die verwysing na Titus wat nie gedwing is om besny te word nie. Hy verduidelik die beginsel van Christus alleen uit die wyse waarop die besnydenis deur die vroeë kerk hanteer is.

Die eerste deel van Paulus se argument sluit dus aan by die besoek aan die leiers in Jerusalem, 14 jaar na sy aanvanklike blootstelling aan die evangelie in Arabië, saam met Barnabas en Titus.

Saam het die apostels daar 'n verdeling van pligte gemaak: Petrus na die Jode, Paulus na die nie-Jode. En die pilare van die gemeente, Jakobus (waarskynlik Jesus se broer), Johannes en Petrus, het hulle instemming daarmee betuig.

Maar, nou belangrik. Hulle het eksplisiet saamgestem dat die besnydenis nie meer 'n voorwaarde was om deel van die geloofsgemeenskap te word nie. En Paulus verwys daarom na die praktiese voorbeeld van Titus. Hy was van nie-Joodse afkoms, en is daarom ook nie besny nie, in lyn met die evangelie en hulle almal se verstaan daarvan. Só het die kerk immers met die vergadering in Jerusalem besluit.

Dit was wel anders as wat die geval was met Timoteus, wat van gemengde Joods en nie-Joodse afkoms was en daarom wel besny is, om binne die Joodse tradisie gehoor te gee aan hulle eie voorskrifte (Hand. 16:1-3). Die leiers het ingestem dat sy besnydenis nie nodig was om gered te word nie. Maar omdat hy óók 'n Jood was, is hy wel besny ter wille van die Joodse kulturele voorskrifte.

Titus is egter op geen manier onder druk geplaas om hom te laat besny nie, want die kulturele voorskrifte het nie vir hom gegeld nie. Al wat van belang was, was sy geloof in Jesus Christus. Solus Christus. Alleen Christus.

Dit is immers die inhoud van die evangelie, sê Paulus aan die hand van die voorbeeld van Titus. Enigiemand wat glo in Jesus Christus word omhels as lede van sy koninkryk. Enigiemand wat nie glo nie, bly buite die koninkryk en buite die geloofsgemeenskap.

2. Petrus en Barnabas word oor hulle skynheiligheid aangevat

In die tweede plek verduidelik Paulus Solus Christus deur die verwysing na Petrus en Barnabas se skynheiligheid wat aan die kaak gestel is toe hulle hulle onttrek het van die gelowiges uit die heidene en net saam met die Joodse Christene geëet het. Hy verduidelik dus die beginsel van Christus alleen uit die wyse waarop die gemeenskap van gelowiges hanteer is. Jy was welkom ongeag wie of wat jy vroeër was.

Kyk, ons moet dit goed hoor. Wat op die spel is in hoofstuk 2, is nie die gevoelens of status van die mense wat van sy evangelie verskil nie. Want Paulus het nie sy mes ingehad vir Petrus, die leier van die kerk nie. Hy was nie daarop uit om Petrus in die verleentheid te stel nie. En dieselfde met Barnabas. Paulus en Barnabas het 'n pragtige pad saam geloop. Hulle het mekaar aangevul. Hulle het dieselfde visie gehad. Hulle het alreeds soveel ontberinge vir die evangelie deurgemaak. Hulle kon staatmaak op mekaar.

Maar, Paulus kon nie anders nie. Hy moes vir Petrus en Barnabas aanvat. Hy moes hulle skynheiligheid aan die kaak stel. Want, dit was nie net die geloofsgemeenskap in Antiogië wat op die spel was nie. Dit was die waarheid van die evangelie van Jesus Christus self wat op die spel was.

Soos Maarten Luther hieroor opmerk in sy kommentaar: “Om as 'n Jood te lewe, is nie sleg nie. Om te eet of nie te eet nie, watter verskil maak dit? Maar om die Jood te speel en om ter wille van jou gewete jou van sekere vleis te onthou, is 'n ontkenning van Christus.”

Paulus sien dus dat Petrus begin om “die Jood te speel” en weerstaan hom deur te sê: “Jy weet dat die nakoming van die wet nie nodig is vir geregtigheid nie. Jy weet dat ons geregverdig is deur geloof in Christus. Jy weet dat ons allerhande soorte kos kan eet. Die Here self het dan vir jou dit met 'n visioen gewys! Maar deur jou voorbeeld verplig jy nou die heidene om Christus te verlaat en terug te keer na die wettiese voorskrifte. Jy gee hulle rede om te dink dat geloof nie voldoende is tot redding nie. En dit kan nooit nie!”

Dit is dan ook hoekom hierdie optrede van Paulus so belangrik was. Hy kon nie maar in die geheim werk met Petrus en Barnabas nie. Hy moes dit so publiek doen al was dit uiteraard baie vernederend. Want, die waarheid van die evangelie was op die spel.

Dink 'n bietjie aan die geweldige impak wat Petrus en Barnabas se partydigheid vir die pro-besnydenis gelowiges sou gehad het, as Paulus dit nie hier teengestaan het. Dink aan hoe die evangelie kon ontwikkel het, 'n kerk vir die besnedenes, en 'n kerk vir die onbesnedenes. Dink aan die effek op die wêreldkerk as hierdie tipe nuweselike verskille tussen mense tot groeppvorming gelei het. Of erger, as ons almal nog die besnydenis moes nakom, en die offers, en die feeste, en die Sabbat.

Paulus moes die skynheiligheid van Petrus en Barnabas teenstaan, selfs al het hy 'n groot leier in die proses aangevat, en selfs al moes hy sy naby kollega en vriend aanvat. Want, daardeur het hy die evangelie van Solus Christus beskerm van vervalsing. Daaardeur het hy die waarheid van die evangelie nie net verduidelik nie, maar verdedig.

Daarmee het hy ons almal gehelp om te kan beseef dat die enigste onderskeidingsteken in die geloofsgemeenskap die regverdiging deur die geloof in Christus is. Geen ander onderskeid is legitiem of aanvaarbaar nie. So het Paulus ons deur hierdie optrede van hom geleer, sowel as die verdediging daarvan in hierdie brief. En daarom weet ons vandag dat die enigste evangelie wat kan red en vryheid bring, is die regverdiging deur die geloof in die Here Jesus Christus. Solus Christus.

Dit is die deurslaggewende rede waarom Paulus hierdie groeppvorming nie toegelaat het nie en Petrus en Barnabas direk en publiek daarvoor aangevat het. Hy het daarmee geïllustreer dat die geloof in Christus die enigste en ook genoegsame rede was om besnedenes en onbesnedenes in een kerk te akkommodeer as broers en susters. Dat die voorskrifte van die wet nie gegeld het as 'n toegangsmaatreël tot die geloofsgemeenskap nie.

Want, sê Paulus in vers 18: "As ek wat ek afgebreek het weer opbou, wys ek daarmee dat ek self 'n oortreder is." Dit is sonde om die wet weer te probeer nakom as jy jou op die verdienste van die Here Jesus verlaat het. Dan geld sy gehoorsaamheid aan die wet nie meer vir jou nie. Dan moet jy die hele wet nakom. En dit weet almal is nie moontlik nie.

Maar daar is meer. Dit gaan nie net oor die besnydenis van Titus en Timoteus al dan nie. Dit gaan nie net oor die skynheiligheid van die leiers en kollegas al dan nie. Dit gaan ten diepste oor die belewenis van die Here Jesus Christus self.

3. Ek leef nie meer nie, Christus leef in my

In die derde plek verduidelik Paulus Solus Christus deur die verwysing na die inwonende Christus wat in hom lewe wat beteken dat uiterlike oorwegings weggeval het. Dit is nou Solus Christus, alleen Christus. Hy verduidelik die beginsel van Christus alleen uit die wyse waarop die gemeenskap met die Here Jesus self gewerk het. As gelowige het elkeen immers self die Here Jesus gehad in jou binneste wat met jou 'n pad gestap het.

Die genade wat God vir ons gegee het, is dat ons saam met Christus gekruisig is, sodat ons vir God kan leef. "Ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my!" sê Paulus in vers 20. Van 'n werklikheid van God wat meer in uiterlike dinge bestaan het in die besnydenis en die dieet reëls van die Jode het die werklikheid van God iets geword wat in ons binneste beleef word.

Dit beteken dat die: "lewe wat ek nou liggaamlik leef, ek in geloof leef in die

Seun van God wat my liefgehad en Homself vir my oorgegee het.” Hy het vir ons die vryheid gegee om elke oomblik van elke dag in sy teenwoordigheid te lewe. Dit is baie beter as wat die besnydenis of ‘n dieet jou ooit kon gee.

En elkeen wat dié werklikheid beleef, het die waarheid van die evangelie beleef, trouens, leef die waarheid van die evangelie, van binne af, nie maar net van buite af in die gehoorsaamheid aan allerlei voorskrifte nie.

En elkeen wat van dié werklikheid kan getuig, is welkom in die geloofsgemeenskap. Hoort in die geloofsgemeenskap.

En dit is dié evangelie wat Paulus verduidelik en met alles in hom verdedig. Dit is Solus Christus. Hy alleen. Daar is geen ander evangelie nie.

Dit is hierdie dogma, die dogma van die Here Jesus Christus, en Hy alleen, waaraan ons met ons hele lewe verbind moet lewe. Daar is nie ‘n ander weg tot God nie. Jesus Christus is die enigste weg na die Vader. Jesus is nie ‘n unieke weg nie. Hy is nie ‘n weg langs ander weë nie. Hy is die enigste weg na die Vader. Solus Christus. Alleen Christus.

En niks mag dié boodskap op enige manier verberg of verander nie. Ons moet dit verduidelik. Ons moet dit verdedig. Selfs al kos dit ons ‘n hoë prys.

Vandag sal ek met vreugde sterf – Johannes Hus

Ek sluit daarom met die verhaal van Johannes Hus, een van die eerste Hervormers wat op Maarten Luther so ‘n groot impak gehad het, al het hy meer as ‘n honderd jaar vroeër geleef. Johannes Hus se moed van oortuiging om vir die Here Jesus te lewe al kos dit hom sy lewe, het Luther geïnspireer om sy eie pad met die Here voluit en enduit te volg.

En my gebed is dat Johannes Hus jou ook in jou vertrouwe op Christus alleen sal versterk al kos dit jou ook ‘n hoë prys soos dit vir hom gedoen het.

Johannes Hus, die Boheemse Hervormer, is 601 jaar gelede, op 6 Julie 1415, finaal gevonnissen tot die dood. Sy kettery was dat hy die Skrif se gesag bó dié van die kerk geag het en geleer het dat ‘n mens nie iets ander as Christus nodig het vir sondevergifnis nie – Sola scriptura en Solus Christus. Hy het sterk teen die aflaatstelsel (indulgences) en die verering van heilige objekte (relics) in opstand gekom, reeds ‘n eeu voor die Hervorming wat in 1517 met Maarten Luther se 95 stellinge in volle swang gekom het.

Voor keiser Sigismund het die biskoppe Johannes Hus se siel aan die duivel toevertrou, waarop Hus geantwoord het: “En ek wy dit toe aan die mees barmhartige Here Jesus Christus.” Solus Christus.

Op pad na die brandstapel het Hus verby ‘n “bonfire” van sy boeke gestap. Hy het gestop, gelag, en vir die omstanders gesê, moenie al die leuens glo wat oor my vertel word nie.

Toe hy by die brandstapel kom, het hy gekniel en gebid. Vir die laaste keer is hy gevra of hy sy besware teen die kerk terugtrek. Hy het geantwoord: “God is my getuie dat die getuienis teen my vals is. Ek het nooit iets gedink of gepreek wat nie gemik was daarop om mense te red, indien enigsins moontlik, van hulle sondes nie. Ek het die waarheid van die evangelie geskryf, geleer en gepreek; vandag sal ek met vreugde sterf.” Die waarheid van dieselfde evangelie wat Paulus ook verkondig en verdedig het, soos hier in Galasiërs 2.

Hulle het Johannes Hus se kleed uitgetrek, sy hande agter sy rug vasgebind, en sy nek met ’n geroeste ketting aan die brandstapel vasgemaak. Hy het daarop kommentaar gelewer met ’n glimlag dat sy Redder met ’n swaarder ketting geboei was. Toe die vuur aangesteek is, het Hus ’n weergawe van die Jesus-gebed begin sing: “Christus, Seun van die lewende God, wees ons genadig.” en toe: “Christus, Seun van die lewende God, wees my genadig.”

Hy het met ’n gebed begin wat hy nie klaar gemaak het nie, want die wind het die vlamme in sy gesig gewaai. (Lutzer, *Rescuing the Gospel*, in die hoofstuk A Morning Star (John Knox) and a Goose and Swan (Hus en Luther).

GALASIËRS 3

Ons is kinders van God deur geloof

Sola Fide



Maarten Luther skryf oor Paulus se skerp en sarkastiese toon in hoofstuk 3 dat 'n mens 'n soort "afstand en koelheid" opmerk by hom. Hy noem hulle nie sy broers en susters soos hy gewoonlik doen nie. Hy spreek hulle as "Galasiërs" aan om hulle te herinner aan hulle dwaasheid in geloof. Hy wonder wie hulle "getoor het" om van die ervaring van die Gees se krag in hulle lewens wat deur geloof werk te eindig by die dwaasheid om deur die wet te probeer om hulle vlees in toom te hou. Dit sal mos nooit werk nie!

Die rede vir sy skerp toon is dat dit nou maar eenmaal só is dat daar telkens slegte dinge is wat aan individuele Christene en selfs hele gemeentes bly vas-klou. Die feit dat 'n mens die genade van die Here ervaar het, verander jou nie skielik in 'n nuwe en perfekte skepsel nie. Dele van die ou natuur en sy korrupte geaardheid bly voortbestaan. Die Gees van God kan nie alle menslike gebreke in jou met een slag oorwin nie. Heiligmaking neem tyd.

En dan kan jy die verkeerde keuse maak. Jy kan dink dat die wet jou gaan help. Maar Paulus wil dié gedagte in die kiem smoor. Vandaar die beklemtoning van geloof as die enigste manier nie net om jou verhouding met God te herstel nie, maar ook op die pad van heiligmaking te vorder.

Kom ons lees wat Paulus hieroor skrywe:

Galasiërs 3

Die Galasiërs se eerste ervaring van die evangelie

1 O, julle dwase Galasiërs, wie het julle getoor? Julle voor wie se oë Jesus Christus so duidelik as gekruisigde geteken is! 2 Net dit wil ek van julle weet: Het julle die Gees ontvang op grond van die nakoming van die wet of op grond van julle geloof in wat julle gehoor het? 3 Is julle so dwaas? Julle het met die krag van die Gees begin; gaan julle nou met menslike krag eindig? 4 Het julle vergeefs soveel beleef? Indien wel, dan was dit inderdaad tevergeefs! 5 Gee Hy dan vir julle die Gees en verrig Hy kragtige dade onder julle op grond van die nakoming van die wet of op grond van julle geloof in wat julle gehoor het?

Die Skrif bewys die evangelie

6 Soos van Abraham gesê is: "Abraham het God geglo en God het sy geloof vir hom as regverdiging gereken." 7 So moet julle beseft: Die mense wat op geloof staatmaak, is kinders van Abraham. 8 En omdat die Skrif dit vooruit gesien

het dat God die heidene op grond van geloof sou vryspreek, het die Skrif die evangelie reeds vooraf aan Abraham verkondig: "In jou sal al die nasies geseën word." 9 Daarom word die mense wat glo, saam met die gelowige Abraham geseën. 10 Trouens, diegene wat op die nakoming van die wet staatmaak, val onder 'n vloek, want daar staan geskryf: "Vervloek is elkeen wat nie by alles wat in die boek van die wet geskryf staan, hou en dit uitvoer nie." 11 En dat niemand op grond van die wet voor God geregverdig word nie, is duidelik, want: "Wie geregverdig is op grond van geloof, sal leef." 12 En die wet is nie gegrond op geloof nie; inteendeel: "Wie dit nakom, sal daardeur leef." 13 Christus het ons vrygekoop van die vervloeking van die wet toe Hy vir ons vervloek is, want daar staan geskryf: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang." 14 Die doel was dat die seën wat Abraham ontvang het in Christus Jesus na die nasies sou gaan, en dat ons die Gees wat belof is, deur die geloof sou ontvang.

Die voorrang van die verbond bo die wet

15 Broers, ek gee 'n voorbeeld uit ons daaglikse lewe: Dit is soos iemand se testament wat bekragtig is; niemand maak dit ongeldig of voeg bepalings by nie. 16 En die beloftes is aan Abraham en sy Nakomeling toegesê. Daar staan nie "en aan die nakomelinge" soos wat 'n mens na baie sou verwys nie, maar soos wat 'n mens na een verwys: "en aan jou Nakomeling" —dit is Christus. 17 Dit is wat ek bedoel: Die wet wat vierhonderd-en-dertig jaar later gekom het, maak nie die verbond wat vroeër deur God bekragtig is, kragteloos en daardeur die belofte tot niet nie. 18 Immers, as die erfenis op die wet berus, berus dit nie meer op die belofte nie. Maar God het vir Abraham deur 'n belofte begenadig.

Die voorrang van die geloof bo die wet

19 Hoekom dan die wet? Die wet is bygevoeg met die oog op die oortredinge; dit is gegee totdat die Nakomeling sou kom aan wie die belofte gemaak is; dit is beskik deur middel van engele, deur die tussenkoms van 'n middelaar. 20 Maar 'n middelaar beteken dat daar nie net een betrokke is nie, en God is tog één! 21 Is die wet dan in stryd met die beloftes van God? Hoegenaamd nie! Want as daar 'n wet gegee sou wees wat lewend kon maak, sou die vrypraak in der waarheid op grond van die wet kon geskied. 22 Maar die Skrif het alles onder die sonde ingeperk sodat die belofte wat op geloof in Jesus Christus gegrond is, gegee kon word aan diegene wat glo. 23 Voordat hierdie geloof gekom het, was ons onder die toesig van die wet, ingeperk met die oog op die geloof wat in die toekoms geopenbaar sou word. 24 Die wet was dus ons oppasser met die oog op Christus, sodat ons deur geloof vrygespreek kon word. 25 Maar nou dat die geloof gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van 'n oppasser nie.

Gelowiges is kinders en erfgename van God

26 Julle is immers almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus, 27 want julle wat in Christus gedoop is, het Christus soos 'n kleed aangetrek. 28

Daar is nou nie meer Jood of Griek, nie meer slaaf of vryman, nie meer man of vrou nie, want julle almal is één in Christus Jesus! 29 En as julle aan Christus behoort, dan is julle nakomelinge van Abraham en ooreenkomstig die belofte erfgename. (BDV)

SOLA FIDE

Wie het julle getoor met die wet?

Paulus begin met 'n skoot sarkasme om die Galasiërs te ruk uit hulle onbegrip: "Wie het julle getoor?" Want Paulus kan dit doodgewoon nie glo dat mense wat deur geloof in Jesus Christus die wonder van die Heilige Gees ontvang, só afvallig kan raak dat hulle by gehoorsaamheid aan die wet kan eindig nie. In hoofstuk 5 sal hy die ander kant beklemtoon dat mense nie by die genade moet begin en weer by die sonde moet eindig nie.

In hoofstuk 2 het hy vir hulle gewys dat Titus nie besny is nie, want sy geloof in die Here Jesus Christus was genoeg. Hy het vir hulle van sy publieke teenstand vertel teen die skynheiligheid van Petrus en Barnabas wat ewe skielik soos Jode begin optree het, toe van die Jode hulle neuse opgetrek het vir die etes saam met gelowiges uit die heidene. En hy het vir hulle ook vertel van die heerlike werklikheid van Jesus Christus wat in hulle woon en wat só 'n werklikheid is dat dit is asof hulle nie meer leef nie, maar Christus in hulle.

Dit is die gedeelde ervarings van alle gelowiges. Dat Jesus in ons kom woon. Dat ons die krag van die Gees ontvang.

Maar hoe op aarde, sê Paulus, kan julle dink dat dit deur die gehoorsaamheid aan die wet kan gebeur? Die wet is 'n belangrike deel van die Bybel. Dit het 'n baie belangrike funksie, soos hy verder op sal uitbrei in vers 19-25, veral in die funksie as 'n toesighouer en oppasser sodat ons die wonder van Christus nie sal mis nie.

Die wet is soos twee heinings langs die pad wat keer dat 'n mens nie van die pad na en saam met Christus afwyk nie. Maar die wet kan jou nie die werklikheid van Christus gee nie. Net geloof kan dit doen.

God se werk in hulle het 'n werklikheid geword deur die geloof en die krag van die Heilige Gees, nie deur die wet of hulle eie krag nie. Die krag van die evangelie het in hulle lewens losgebars deur hulle geloof in Christus. Sola fide.

Paulus herinner hulle aan hulle eerste ervaring van geloof

Ek weet nie hoe gereeld jy teruggedink aan jou eerste ervaring van geloof nie. Maar, dit is wat Paulus hier met die Galasiërs doen. Dink 'n bietjie terug hoe dit gekom het dat julle deel van die geloofsgemeenskap geword het. Julle was heidene, nie wetsgehoorsame Jode nie. En julle het die boodskap van die Here Jesus Christus as gekruisigde omarm en die vergifnis en nuwe lewe wat Hy gee omhels. En julle die Heilige Gees ontvang en die pad saam met ons begin loop.

Ons kan selfs ook van die verhale lees in Handeling 13-14.

Jy kan self terugdink aan jou eerste ervaring van die Here Jesus Christus. Ek kan jou wed dat dit nie was omdat jy die wet gehoorsaam het nie. Dit sal eerder wees dat jy bewus geword het van jou sonde deurdat jy juis nie die wet kon hou nie, en genade en vergifnis nodig gehad het. En toe jy in geloof jou vertroue op die Here Jesus Christus geplaas het, toe het daar 'n las van jou skouers afgeval, die wete dat Hy jou vergewe het, dat Hy nou in jou kom woon, dat Hy nou jou metgesel word, dat Hy van nou af jou Here en Leidsman sal wees.

En dit is so belangrik om hieraan herinner te word, want anders eindig jy met die krag van jou menslike vlees, en ontbeer jy die krag van die Heilige Gees wat aan jou gegee is vanweë jou geloof en vertroue in die Here Jesus Christus.

Natuurlik het jou bekering ingesluit dat jy begin het om die Here Jesus te volg en sy woorde ter harte te neem, en jy het die Woord begin lees en vanuit die beloftes daarin begin leef. Maar jou saligheid was nie afhanklik van jou gehoorsaamheid aan die wet nie. Dit was iets wat God vir jou gegee het dié dag toe jy begin glo het in die Here Jesus Christus.

Skrifberoep bepaal ons geloof

Paulus bly egter nie net by hulle ervaring van geloof nie. Want, dit is subjektief. Nee, hy gebruik ses aanhalings uit die Skrif om vir hulle die waarheid daarvan te onderstreep. Hy is terdeë bewus van die valse evangelie wat van die Joodse dwaalleraars versprei en wou hulle dwase Skrifgebruik aan die kaak stel, sodat hy hulle kan troef met 'n verantwoorde Skrifgebruik.

Volg dit saam met my in die Bybel:

1. In vers 6 haal Paulus uit Genesis 15:6 aan: “Abraham het God geglo en God het sy geloof vir hom as regverdiging gereken.” Hy wou teenoor die Joodse skynheiliges beklemtoon dat geloof die beginpunt is van 'n verhouding met God, nie die wet nie. Hy wou hê hulle moet besef dat die mense wat op geloof staatmaak, in der waarheid die kinders van Abraham is.

Sy teenstanders het daarteenoor geleer – heel moontlik op grond van Gen. 17:13 – dat dit nie net om die geloof gaan nie, maar ook en veral oor die besnydenis; dat die besnydenis 'n “blywende verbond” is wat ook deur die heidene nagekom moet word, soos dit daar inderdaad staan.

Maar Paulus troef dit deur ook uit Genesis aan te haal, maar uit 'n vroeër teks, uit Genesis 15:6, waar Abraham se geloof vóór sy besnydenis aangehaal word. Die gebeurtenis gaan na sy mening die verhaal van Genesis 17 oor die besnydenis vóóraf en is daarom van meer deurslaggewende betekenis!

In Romeine 4:13 vv. sou Paulus nog meer hieroor skrywe om dié punt finaal te onderstreep. Paulus beklemtoon dus dat geloof 'n belangriker respons is as

die nakoming van die besnydenis, geïllustreer in die lewe van Abraham: “dié wat glo, (is) kinders van Abraham”.

2. In vers 8 haal hy die Skrif uit Genesis 12:3 aan wat volgens hom vooruit gesien het dat God die heidene op grond van geloof sou vryspreek. Daarom het die Skrif die evangelie reeds vooraf aan Abraham verkondig: “In jou sal al die nasies geseën word.” En daarom word die mense wat glo, saam met die gelowige Abraham geseën.

3. In vers 10 haal hy uit Deuteronomium 27:26 aan wat dié gedagte bevestig dat diegene wat op die nakoming van die wet staatmaak, eintlik val onder ‘n vloek, want daar staan geskryf: “Vervloek is elkeen wat nie by alles wat in die boek van die wet geskryf staan, hou en dit uitvoer nie.” Jy is dus gedoem as jy die wet probeer nakom.

4. In vers 11 haal hy uit Habakuk 2:4 aan wat dié gedagte nog verder onderstreep dat niemand op grond van die wet voor God geregverdig kan word nie, want die profeet het verkondig: “Wie geregverdig is op grond van geloof, sal leef.” Die lewe lê in die geloof, nie in die wet opgesluit nie.

5. In vers 12 haal hy uit Levitikus 18:5 aan en onderstreep verder dat die wet teenoor die geloof staan, en daarom nie daarop gegrond kan wees nie, want die wet kan nie vir jou die oorfloed van lewe gee wat die geloof in Jesus Christus kan nie. Sy stelling uit Levitikus kan eintlik vir albei, die wet en die geloof, geld: “Wie dit nakom, sal daardeur leef.” As jy die wet nakom, is dit al wat jy het, en jy sal daardeur leef, of meer korrek, daardeur sterf, omdat daar ‘n vloek rus op elkeen wat die wet probeer nakom en nie daarin slaag nie. Net Jesus Christus kon dit doen. Daarom is die geloof die enigste manier om die vloek van die wet te ontglip.

6. In vers 13 haal hy uit Deuteronomium 21:23 aan waarmee hy die wonderlike waarheid verkondig dat Christus ons vrygekoop het van die vervloeking van die wet toe Hy vir ons vervloek is, want daar staan geskryf: “Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang.” Die doel daarmee was dat die seën wat Abraham ontvang het in Christus Jesus na die nasies sou gaan, en dat almal die Gees wat beloof is, deur die geloof sou ontvang.

Dit is die wonderlike werklikheid van geloof. En niemand moet julle anders leer nie, sê Paulus. En julle moet niemand glo wat nie met hierdie konsekwente boodskap van die Bybel werk nie. Jy hoef nie geleerd te wees om dié dinge te verstaan nie. Dit is helder in die Skrif.

Die voorrang van die verbond bo die wet

Maar Paulus is nie klaar nie. Hy weet dat hulle nog meer ammunisie nodig het om die Joodse dwaalleraars die hoof te bied. Daarom gee hy hulle nog ‘n aanhaling in vers 16, dié keer uit Genesis 12:7 (vgl. soortgelyke ooreenkomste in Gen. 13:15; 17:7; 24:7). En dié keer argumenteer hy dat die verbond bó die wet in

rangorde geld. Hy koppel dit aan 'n voorbeeld uit die daaglikse lewe, dié van iemand se testament. Nadat dit bekragtig is, kan niemand dit ongeldig maak of bepalinge byvoeg nie. Dit is geldig en die enigste basis van beoordeling vir wat met die bemakings uit die testament kan gebeur.

En volgens Genesis 12:7 word daar in die enkelvoud van Abraham se saad gepraat, en hoewel 'n mens dit as nakomelinge kan vertaal, om sin te maak daarvan in Genesis, kan Paulus met reg sê, die eintlike bedoeling van Genesis is om van Een Nakomeling te praat, en dít is Christus, die ware Nakomeling van Abraham.

Die verbond is dus van krag in die Een Nakomeling, dit is Christus. Die wet wat daarna gegee is, kan nie die testament van God wat in Jesus Christus van krag word, tot niet maak nie. Die wet kan nie die genade wat God aan Abraham deur 'n belofte toegesê het, vervang nie.

Watter rol speel die wet dan?

Paulus weet dat dit daarom noodsaaklik is om die rol van die wet uit te spel, want as die verbond geldig is sonder die wet, en die geloof 'n mens deel van God se verbond maak, hoekom was die wet dan nodig?

En onthou, vir die gelowiges uit die Joodse volk was dit geen klein saak nie, want hulle identiteit as die Godsvolk was letterlik op die spel, in terme van die unieke kenmerke wat hulle gemeenskapslewe gekenmerk het: die besnydenis, die reinheidswette veral rondom hulle dieet, en die nakoming van feeste veral die Sabbat.

Paulus weet egter dat sulke argumente die dood in die pot is vir geloof in God onder die heidennasies. As jy eers 'n Jood moet word voor jy regtig 'n Christen kan wees, word die sentrale betekenis van die Christus-evangelie versaak en word nie net 'n kulturele kenmerk 'n voorwaarde vir geloof gemaak nie, maar word wetsgehoorsaamheid beklemtoon bo die genade wat deur die geloof werk.

En dit kan nie. Dit rand die betekenis van die vryheid wat Christus gebring het van die wet in sy wese aan. En dit maak van die Christelike geloof 'n eksklusiewe Joodse beweging wat nie universele impak kan hê nie, omdat dit nie die heidennasies kan insluit nie.

So watter rol speel die wet dan? Wel, sê Paulus, die wet was bedoel as 'n tydelike maatreël totdat hierdie nakomeling, Christus, die vrypraak van die vloek van die wet sou bring, en almal dit deur die geloof kon ontvang. "Die belofte word dus vir die gelowiges vervul alleen op grond van die geloof in Jesus Christus."

Die wet was 'n noodsaaklikheid weens die sonde. Dit was gegee as 'n toesighouer, as 'n oppasser, as 'n begeleier om gelowiges te help kies tussen goed

en kwaad, tussen wat die Here se goedkeuring wegdra en wat teen sy wil was.

Die wet was daarom nie in stryd met die beloftes van God wat deur geloof ontvang kon word nie. “Hoegenaamd nie!” sê Paulus. Die wet was net nie genoeg nie, weens die sondigheid van die mense. Die wet kon nie keer dat mense steeds afdraai van die pad wat God vir hulle aangedui het. Hulle het die heinings langs die pad geïgnoreer en verwerp en selfs verander sodat hulle kon leef volgens hulle eie begeertes.

Net Christus kon die ware vryheid bring waarin ‘n mens God se wil nie nakom omdat daar ‘n geen-toegang bordjie op die heinings langs die pad geplaas is nie, maar omdat hulle van binne af deur Christus skoongemaak sou word deur sy vergifnis en verlossing.

Die wet se funksie as ‘n beperker van die boosheid – soos Calvyn daarvoor gepraat het – het dus in Christus onnodig geraak. Waar die wet dít wat jy in jou binneste wou doen, gekeer het, as jy jou daaraan gesteur het, maar niks kon doen om die begeerte na die sonde uit te wis nie, het geloof in Christus vir ons daardie vryheid kom gee.

Calvyn sou aangaan om te sê dat almal wat in geloof in Christus van binne af gereinig is, sal daarom inderdaad die wet kan nakom, maar nie langer as ‘n manier om die sonde te beperk nie, maar as ‘n manier om in dankbaarheid in alles te leef soos God wil. Nie omdat jy bang is vir die wet nie, maar omdat jy vry is van die sonde wat jou liefde vir God en jou naaste aan bande gelê het.

Paulus sou nog verder hieroor skryf in Romeine 1-8 en nog meer uitbrei oor die wonderlike werk van die Heilige Gees om ons in die vryheid wat God gee, te laat lewe, soos hy wel in Galasiërs 5 sou begin aanroer het. En hy sou later vir Timoteus in sy eerste pastorale brief nog meer sê oor die positiewe funksie van die wet, iets wat ‘n neerslag gevind het in ons eie belydenisskrifte, veral in Nederlandse Geloofsbelijdenis 25 en die derde deel van die Heidelbergse Kategismus.

Maar dit is genoeg vir nou. Paulus se punt is gemaak. En hy sluit sy oorsig oor die voorrang van geloof af met ‘n ongelooflike boodskap in vers 26-29.

Gelowiges is kinders en erfgename van God

Die wonderlike waarheid van die Christendom is dat ons: “almal kinders van God is deur die geloof in Christus Jesus.” Daarvan is ons doop ‘n teken. Daarvan is ons lewe in Christus ‘n teken: “want ons wat in Christus gedoop is, het Christus soos ‘n kleed aangetrek.” Die doop is die seël van ons inlywing in die liggaam van Christus, maak nie saak op watter tyd dit gebeur het nie. Ons lewe in Christus is die teken van ons inblywing in die liggaam van Christus.

En omdat ons gedoop is en omdat ons in die Here Jesus Christus lewe, kan ons saam met Paulus die wonderlike werklikheid vier: “Daar is nou nie meer Jood

of Griek, nie meer slaaf of vryman, nie meer man of vrou nie, want julle almal is één in Christus Jesus!"

En op die koop toe: "En as julle aan Christus behoort, dan is julle nakomelinge van Abraham en ooreenkomstig die belofte erfgename."

Die praktiese implikasie hiervan is geweldig.

Dit is nie meer die besnydenis wat die onderskeidende teken van die Godsvolk is nie. Daardie rol word nou deur geloof vervul. Elkeen wat glo, behoort aan Christus en is daarom nakomelinge van Abraham en deel van die verbondsbeloftes van God.

Dit beteken ook dat in Christus is almal één. Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie. In Christus Jesus is almal nou één.

Die oomblik as jy in die vryspraak deur die geloof gedeel het, is jy ook in gemeenskap met elke ander mens wat in die vryspraak van die geloof gedeel het. En daar is geen onderskeid nie. Ras of etnisiteit of taal of sosiale status of geslagtelikheid is nie meer bepalende elemente in ons Christelike identiteit nie, net die geloof in Christus Jesus. 'n Mens kan dit nie sterk genoeg sê nie: In Christus Jesus is almal één!

En heiligmaking word nie deur gehoorsaamheid aan die wet bereik en bewerk nie, slegs deur die geloof in die Here Jesus Christus en in die begeleiding van die Heilige Gees om die werke van die vlees dood te maak en Hom toe te laat om die vrug van die Gees in jou aan die werk te sit, dit waaroor hoofstuk 5 en 6 gaan uitbrei.

Sola fide!

GALASIËRS 4

Ons is kinders van die belofte

Sola Scriptura



Een van die groot ontdekkings van die Reformasie was om die Bybel BOEK VIR BOEK te lees. Die gebruik in die Middeleeue was om met 'n teks of 'n gedeelte daarvan te werk. Dit is waarom ons op die hele brief aan die Galasiërs fokus en nie net 'n gedeelte of 'n teks uitlig en met dít as tema die boodskap bring nie. Daar is natuurlik niks fout met 'n tematiese boodskap nie. Dit is verseker makliker om te verteer! Maar, dan mis 'n mens die diepgang van die Skrif, die fyn nuanses van die diep denke wat die Here deur sy Woord in ons wil stimuleer.

Dit is natuurlik baie meer uitdagend om só te lees! Want, jy moet baie meer dinge inneem en in gedagte hou, sodat jy uit al die informasie wat Paulus hier gee, die lyn van sy argument kan begin volg en uiteindelik sin maak van wat hy vir 'n mens wil sê.

Nog 'n fokus van die Reformasie was dat ons leef óf deur die doodmakende wet óf deur die LEWEGEWENDE BELOFTE van die Woord. 'n Baie spesifieke interpretasie van Sola scriptura, dit waaroor ons nou onder andere gaan praat. Sola scriptura gaan nie net oor die teks van die Bybel as sodanig nie, d.w.s dat dit die Woord van God is nie, maar oor die belofte wat God deur die teks van die Bybel in ons lewe aan die werk sit en waarmee Hy ons lewens verander, want ons bely immers dat ons die lewende stem van God in die Bybel hoor.

Dit is waaroor hierdie gedeelte in hoofstuk 4 gaan veral in die laaste gedeelte waar Hagar en Sara as 'n allegorie, d.w.s. as simbole van die wet en die belofte, gebruik word. En wat Paulus met hulle storie gaan doen, is om die punt van die brief te onderstreep, dat God ons vry gemaak het van die wet en van die sonde om sy kinders te wees. Ons is nie slawe nie, maar kinders. Ons is vry burgers en erfgename van God se koninkryk.

En Paulus wil ons help om hierdie VRYHEID TE ONTDEK en om in daardie vryheid vas te staan soos hy in hoofstuk 5 verder prakties gaan uitspel. Daarom spreek hy steeds die gevaar van die wet aan, soos hy eintlik al die hele eerste vier hoofstukke doen, maar veral in hoofstuk 3 en 4, want die wet is iets wat jou verslaaf, wat jou vryheid weg neem. Maar, hy gaan net soseer die gevaar van die sonde aanspreek in die volgende hoofstuk, want die sonde is ook iets wat jou verslaaf, wat jou vryheid weg neem.

Hy wil hê dat ons só bewus word van die vryheid wat God deur die Here Jesus Christus vir ons gee, en deur die krag van die Gees in ons lewens aan die werk

sit, dat ons in daardie vryheid sal vasstaan, 'n vryheid wat nie die wet nodig het om te weet wat reg en verkeerd is nie, maar deur die Gees begelei sal word om van binne af nee te sê vir die sonde wat ons wil verslaaf. Paulus wil ons vry van wettiese beginsels maak, maar ook vry van losbandigheid, waarin ons 'n wet vir onself raak.

Dit is die spits van Paulus se argument wat ons in hierdie hoofstuk gaan hoor.

Kom ons lees:

Galasiërs 4

1 Hiermee bedoel ek: Solank as die erfgenaam nog minderjarig is, verskil hy niks van 'n slaaf nie, alhoewel hy die eienaar van alles is. 2 Maar hy staan onder die beheer van voogde en bestuurders tot die tyd aanbreek wat deur sy vader bepaal is. 3 Net so is dit ook in ons geval: Toe ons nog minderjarig was, was ons as slawe onderworpe aan die elementêre beginsels; 4 maar toe die tyd vervul is, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, 5 sodat Hy diegene onder die wet kon loskoop, en sodat ons as sy kinders aangeneem kon word. 6 En omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun uitgestuur tot in ons harte, die Gees wat roep: "Abba, Vader!" 7 Jy is dus nie meer slaaf nie, maar kind; en as jy kind is, is jy ook erfgenaam deur die wil van God.

Paulus se ernstige kommer oor die Galasiërs

8 Maar vroeër, toe julle God nog nie geken het nie, was julle verslaaf aan gode wat in werklikheid nie bestaan nie. 9 En nou dat julle God ken —of liever, nou dat God julle ken —hoe is dit moontlik dat julle weer terugdraai na die kragtlose en ellendige elemente en weer van voor af daaraan verslaaf wil raak? 10 Julle onderhou vasgestelde dae en maande en tye en jare. 11 Ek is bevrees dat al my harde arbeid onder julle dalk tevergeefs was.

'n Ernstige beroep op die Galasiërs

12 Ek smeeek julle, broers, word soos ek omdat ek soos julle geword het! Julle het my geen onreg aangedoen nie. 13 Julle weet dat ek die eerste keer weens my siekte die evangelie aan julle verkondig het, 14 en alhoewel my siek liggaam vir julle 'n beproewing was, het julle my nie verag of verfoei nie. Inteendeel, julle het my soos 'n engel van God ontvang, soos Christus Jesus! 15 Waar is julle blydschap dan nou? Ek kan van julle getuig dat, indien dit moontlik was, julle julle oë sou uitruk en vir my sou gee! 16 Het ek dan julle vyand geword omdat ek vir julle die waarheid vertel? 17 Hulle beywer hulle nie met goeie bedoelings vir julle nie; inteendeel, hulle wil julle van my af weghou sodat julle julle vir hulle kan beywer. 18 Die regte ding is om julle altyd vir die goeie te beywer en nie net wanneer ek by julle is nie. 19 My kinders, ek ervaar weer geboortepyne oor julle totdat Christus in julle gestalte kry. 20 Ek wens ek was nou by julle en kon met 'n ander stemtoon met julle praat, want ek is raadop met julle!

Abraham se twee seuns

21 Sê vir my, julle wat onder die gesag van die wet wil staan, luister julle dan nie na die wet nie? 22 Want daar staan geskryf dat Abraham twee seuns gehad het, een by 'n slavin en een by 'n vrou wat vry was. 23 Die slavin se seun is op 'n natuurlike manier verwek, maar die vrou wat vry is se seun op grond van 'n belofte. 24 Dit word hier as allegorie aangebied. Hierdie twee vroue verteenwoordig twee verbonde: die een wat van die berg Sinai af kom, bring slawe voort; dit is Hagar. 25 En Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië; sy verteenwoordig die huidige Jerusalem, omdat sy en haar kinders slawe is. 26 Maar die hemelse Jerusalem is vry; sy is ons moeder! 27 Want daar staan geskryf: "Wees bly, onvrugbare vrou wat nie geboorte skenk nie! Jubel en juig, jy wat nie geboortepyne ken nie. Want die baie kinders van die verstote vrou is meer as dié van die vrou met 'n man." 28 En julle, broers, is —net soos Isak— kinders van die belofte. 29 Maar, soos hy wat op 'n natuurlike manier verwek is, destyds die een vervolgt het wat deur die werking van die Gees verwek is, so gebeur dit ook nou. 30 Maar wat sê die Skrif? "Jaag die slavin en haar seun weg, want die seun van die slavin mag hoegenaamd nie saam met die seun van die vrou wat vry is, erf nie!" 31 Daarom, broers, is ons nie kinders van die slavin nie, maar van die vrou wat vry is. (BDV)

Onderskeid tussen onvolwasse en volwasse kinders

In hierdie gedeelte trek Paulus 'n kontras tussen 'n onvolwasse kind (in Grieks **nepios**) en 'n volwasse kind (in Grieks **huios**). Hy wil die Galasiërs leer dat vertrouwe op die wet 'n teken is van geestelike onvolwassenheid (soos kinders met doeke aan, by wyse van spreke), nie van volwassenheid nie (soos kinders wat hulle erfposisie ontvang het deur die geloof in die Here Jesus Christus).

Paulus praat in vers 1-2 van jong kinders (mv. nepioi) wat nie regtig verskil van slawe nie, want hulle kan nog nie die erfposisie van hulle pa in besit neem nie. Hulle is nog nie volwasse kinders (mv. huioi) nie. Hulle het voogde en bestuurders wat hulle erfposisie bestuur tot op die tyd wat hulle pa bepaal het dat hulle kan erf. Hulle status verskil dus min van slawe.

Hy pas dié waarheid toe in vers 3 op die Galasiërs se status vóór hulle Christus leer ken het. Hulle het die "basiese beginsels" (in Grieks stoicheia) van die wêreld nagevolg, soos dit letterlik in die Grieks staan. Hier praat Paulus eintlik oor enige godsdienstige sisteem wat nie rekening hou met die waarheid in Christus nie.

Dan vervolgt Paulus in vers 4-5 met die wonderlike boodskap van God wat sy Seun op die regte tyd (in die volheid van die tyd) gestuur het om as mens uit 'n vrou gebore te word. Hy het "onder die wet" kom leef, om dié wat onder die wet was, die Jode, los te koop van hulle verslawing onder die wet. Die wet was nou nie meer hulle "bestuurder" nie.

Jesus het hulle daarom vrygemaak om die erfposisie wat God vir hulle het as sy kinders (huioi), en vir die gelowiges uit die heidene as “aangenome kinders” (in Grieks huiotesia) in besit te kan neem. Die Jode is dus nie meer nepioi nie, maar huioi, volwasse kinders. Dieselfde geld die gelowiges uit die heidene. Hulle is ook nie meer nepioi nie, maar huiotesia, aangenome volwasse kinders van God.

Die resultaat word in vers 6-7 uitgespel. Omdat hulle nou volwasse kinders is van God, het God die Gees van sy Seun in hulle harte uitgestuur, en die Gees roep: Abba, Vader! Hulle is dus nie meer slawe nie, of onvolwasse kinders nie, maar volwasse kinders wat erfgename is van God deur Christus.

Die Gees is nou hulle “bestuurder” soos hy in Galasiërs 5 verder sal uitspel.

Die implikasies van volwasse kindskap

Paulus sê dus vir ons hier vyf dinge wat almal draai rondom die feit dat ons nie meer slawe is of onvolwasse kinders nie, maar volwasse kinders van God; dat ons nie meer verslaaf is aan allerlei voorskrifte nie, maar vry is van die wet en van die sonde om God as sy kind te kan dien. Die wet is soos ‘n hok waarin jy jouself vasketting, in die hoop dat dit die sonde in jou sal bedwing, maar dit beteken nie dat jy binne in jou hart verander nie. Die sonde is daarenteen soos ‘n moeras waarin jy vasgesuig word, wat weer beteken dat jy nie in ‘n nuwe lewe kan wandel nie; dat jy nie die vryheid van ‘n kind van God aan die wêreld kan demonstreer nie.

1. Jy is nie meer ‘n slaaf of ‘n onvolwasse kind nie, maar ‘n volwasse kind

Wat jy in die eerste plek moet agterkom is dat jy nie meer ‘n slaaf of onvolwasse kind (nepios) is nie, maar ‘n volwasse kind (huios). Ons weet dit deur die genade van die Here Jesus Christus wat ons die voorreg gegee het om kinders van God te word. Ons weet dit ook deur die werk van die Heilige Gees in ons harte wat in ons roep: “Abba, Vader.”

Ons moet seker wees dat ons in hierdie genade van God staan, nie vanweë ons eie vermoëns nie, maar deur die werk van Christus. Ons is kinders van God. Ons is nie slawe nie. Ons is vry mense, vry van die wet, en vry van die sonde. So seker soos ons is dat Christus God behaag, so seker kan ons wees dat ons God ook behaag, want Christus is in ons.

En alhoewel ons daaglik steeds sondes doen: “buig God se genade oor ons” soos Maarten Luther sê. Daarom kan sonde ons nie die genade van God laat betwyfel nie. Ons sekerheid is van Christus, daardie magtige held wat die wet, die sonde, die dood en alle booshede oorwin het. Solank as wat Hy aan die regterhand van God sit om vir ons te bid, het ons niks om van die toorn van God te vrees nie.

2. Hoe kan jy dan weer ‘n slaaf of ‘n suigeling wil word?

Dit is waarom dit in die tweede plek vir Paulus so swaar is wat hy van die mense van Galasië agterkom. Hulle stel hulle eie kindskap, hulle eie vryheid, in gevaar deur nou onder die druk van die Joodse gelowiges die wet te probeer nakom, om hulle metafories gesproke in 'n hok van moets en moenies op te sluit.

Hoe kan 'n mens dit aan jousef doen om die weg van die wet bewandel deur jou te steur aan die besnydenis, die feeste, die seremonies, die dieet reëls, as Christus jou dan vry gemaak het daarvan? Dit maak nie sin nie. Die voorskrifte verlaaf jou en maak dat jy nie na die lewende stem van God in die Woord alleen sal luister nie, maar na die reeks voorskrifte in die wet wat reeds vervul is en nie meer van toepassing is op die lewe van 'n kind van God nie.

Nee, sê Paulus, ons moet vasstaan in die genade wat God vir ons gegee het. Dit is vanuit 'n nuwe hart wat ons die Here dien, nie vanuit 'n uiterlike nakoming van die wet nie.

Dit is deur die innerlike versekering van die genade van God wat die Here Jesus Christus deur sy Gees aan ons gee – en dit is 'n baie reële ervaring – dat ons in beweging gebring word om God se stem in sy Woord op te soek, om Hom te prys en om die naam van Christus voor die mense te bely, en om diens te lewer waar God ons wil gebruik. Dit is wat kinders van die Here doen, om mense wat swaarkry, te help en om te troos as slegte goed met ander gebeur. Vanuit 'n hart wat omgee, nie omdat daar 'n voorskrif is wat bepaal dat ons dit moet doen nie.

3. Christus moet gestalte in julle kry

Paulus hou in die derde plek aan om die teologie van die Jode af te skiet wat die nakom van die wet beklemtoon as 'n manier om salig te word. Uiteraard is daar natuurlik ook 'n positiewe funksie van die wet in terme van lewenstyl, veral as 'n mens aan die Tien Gebooie dink. Die Tien Gebooie beskerm families deur ouerliefde uit te spel (5de gebod); dit beskerm lewe deur 'n verbod op doodmaak te plaas (6de gebod); dit beskerm die huwelik deur 'n verbod op egbrek te plaas (7de gebod); ensomeer.

En hierdie tipe beskerming van die boosheid bly die positiewe funksie van die wet in die lewe van gelowiges selfs in die nuwe bedeling. Daarom lê Jesus die wet uit in die Bergrede as 'n integrale deel van sy volgelinge se lewe (Matt. 5-7) en som Hy die wet as die dubbele liefdesgebod op in die evangelies as riglyn vir gelowiges van die nuwe bedeling (Matt. 22 bv.). Ook Paulus skryf baie positief oor die wet op talle ander plekke – in Romeine (13) en sy eerste brief aan Timoteus (1) om net 'n paar voorbeelde te noem. Só ook Jakobus, die broer van Jesus, in sy brief wat eintlik 'n soort uitleg van die Bergrede is.

Maar die oomblik as jy dink dat die nakoming van die wet vir jou in God se guns kan laat kom, moet Paulus dit aan die kaak stel. Want dan kan jy nie die wonder van die Here Jesus Christus se werk in jou hart waardeer en Hom sy

doel met jou laat bereik nie. Daarom, eerder as dat jy die wet probeer nakom, moet jy fokus daarop dat Christus in jou gestalte kry.

Trouens, soos jy agterkom dat daar in jou 'n beweging is na die goeie, d.w.s. van binne af, sonder dat daar 'n uiterlike voorskrif is wat jou dwing om die goeie te doen nie, is dit soos 'n beëdigde verklaring van die Heilige Gees, sê Maarten Luther, 'n "affidavit", wat getuig van Christus wat gestalte kry in jou. Hoe meer Christus 'n werklikheid in jou word, hoe meer is daar 'n honger na God en sy Woord en hoe meer ervaar jy dat jy die vrug van sy genade in jou lewe begin dra. En hoe meer dié dinge toeneem, hoe sekerder kan jy wees dat die Here waarlik in jou hart en lewe aan die werk is, dat Hy gestalte in jou begin kry.

Eerder as om dat die wet te probeer nakom in allerlei voorskrifte, moet jy op Christus fokus en jouself daagliks daaraan herinner dat God in Christus met jou tevrede is. Jy is sy kind. Jy is nie meer 'n slaaf nie. Nie van die wet nie. Ook nie van die sonde nie. En kan jy Hom dien uit die vryheid wat Hy jou gegee het om Hom en Hom alleen te aanbid.

Dit is wat die Woord ons immers leer. Dit is 'n sekerheid wat ons kry uit die Woord dat ons God se kinders is. Jy kan saam met Maarten Luther bid: "Ek is reg met God. Ek het die Heilige Gees. Christus, in wie ek glo, maak my waardig. Ek hoor graag, lees, sing en skryf van Hom. Ek wil niks anders hê as dat die evangelie van Christus oral in die wêreld bekend word nie en dat baie, baie mense tot geloof in Hom gebring sal word."

En soos jy dit bid, sal jy ervaar dat dit al hoe meer waar word van jou; dat Christus gestalte in jou kry.

4. Die Skrif sal julle oortuig dat julle kinders van die belofte is

Charles Taylor skryf oor die moderne fokus om jou identiteit op jou eie keuse oor bv. gender en lewenstyl te bou. Dit is wat die sekularisme aan ons doen. Ons dink dat ons eie keuses, gebaseer op ons begeertes en behoeftes, ons vrymaak, maar in der waarheid maak dit ons 'n slaaf van ons eie keuses. Op die koop toe, maak 'n keuse wat afwyk van God se geopenbaarde wil in sy Woord jou 'n vyand van God en sy visie vir die lewe. En sluit jy die vryheid wat God gee vir jouself toe. As jy jou eie identiteit kies, stel jy jou identiteit in Christus in gevaar.

Want dit is juis wat God in ons verander het, deur ons kinders van die belofte te maak. Dit is die wonderlike ding wat met die Galasiërs gebeur het toe hulle God leer ken het – "of liever, dat Hy hulle ken"! Hulle het kinders van die belofte geword, en Paulus wil hulle aanmoedig om in die vryheid wat Christus vir hulle bewerk het, te volhard, anders vrees hy dat sy harde werk verniet sou kon wees.

Daarom smee hy hulle in die vierde plek om nie van die evangelie afvallig te raak nie; om terug te dink aan hoe hulle die evangelie die eerste keer ontvang

het; om sy insette, al was hy siek, te onthou; om die vreugde te herroep van hulle eerste bewussyn van Christus, waarin hulle Paulus ervaar het: “asof ek Christus Jesus self was”. “Daardie mense”, die mense wat die wet beklemtoon, moet die Galasiërs dus nie van hulle eerste vreugde ontroof nie. Hulle moet weer die beloftes wat God vir hulle waargemaak het, wat gebaseer is op die sewe tekste wat hy in hoofstuk 3 aangehaal het, herroep en die krag daarvan toelaat in hulle lewe. Daarvoor pleit Paulus.

Paulus gebruik die Bybelse boodskap oor Hagar en Sara as figuurlike simbole of analogieë van twee verbonde wat teenoor mekaar staan. Wat sê die Skrif, sê hy?:

- Hagar, die slavin, staan vir die verbond van die wet; Sara, die vrygeborene, staan vir die verbond van die belofte, soos God dit in Genesis geopenbaar het.
- Hagar het ’n kind gehad volgens hulle eie besluit. Sara het ’n kind gehad volgens God se belofte, soos God dit in Genesis geopenbaar het.
- Hagar staan (volgens Paulus se allegoriese verstaan) vir Sinaïberg wat ’n beeld is van die huidige Jerusalem (as geestelike sentrum); Sara, by implikasie, staan vir die hemelse Jerusalem.

Gelowiges is volgens dié beeld kinders van Sara, kinders van die belofte in die Skrif, kinders wat vry geborenes is, en wat hulle nie weer onder ’n slawejuk hoef of inderdaad mag begeef nie. Anders sou hulle slawekinders van Hagar wees.

5. Leef dan as vry mense uit die beloftes van die Skrif

So, die vraag is, in die vyfde plek, hoe kan ons in die vryheid van hierdie belofte vasstaan? Want vryheid kan verloor word, óf deur in die hok van wettiese voorskrifte te verval óf jou vryheid te misbruik om sonde te doen en in die moeras van losbandigheid te lewe.

Wel, deurdat ons op die krag van die Gees begin staatmaak wat sy krag in ons vrystel soos ons volgens die beloftes in die Skrif begin lewe. En daarvan gaan hy in hoofstuk 5 ’n hele paar voorbeelde gee: “Leef deur die Gees, dan sal julle beslis nie die begeertes van ons sondige aard uitvoer nie.” En; “Almal wat aan Christus Jesus behoort, het ons sondige aard saam met sy hartstogte en begeertes gekruisig.”

Deur hierdie beloftes vir onself toe te eien, kan ons die sonde oorwin, nie deur die krag van die wet van moets en moenies nie. Want die wet sal ons nie in die finale instansie kan help nie, net die krag van die Gees wat die Woord se beloftes operasioneel maak in ons lewens.

Dit beteken natuurlik nie dat ons nou vry is om die sonde te doen nie! Trouens, dit sal die toppunt van dwaasheid wees om steeds in die sonde voort te leef, omdat jy staatmaak op die feit dat jy nou nie meer onder die wet is nie, terwyl

hierdie sondes juis die dinge is waarvan God ons vrygemaak het, soos wat Galasiërs 5 sal uitspel. Ons moet in die vryheid vasstaan waartoe Christus ons vrygemaak het, die vryheid van die wet, maar tegelykertyd ook in die vryheid van die sonde.

Wat ons moet verstaan, is dat die sonde nie sondig is, omdat daar 'n wet is wat dinge verbied nie. Sonde is sonde omdat dit God se wil, sy beloftes vir die lewe, dwarsboom. Dit is waarom 'n mens steeds in bv. die Tien Gebooie God se wil kan raaksien, nie omdat dit soseer deel is van die wet nie, maar omdat dit God se wil uitdruk vir alle tye.

Daar is net een manier om vry te word van die sonde en dit is om die Gees toe te laat om jou skoon te maak en die lewe en beloftes van God, soos dit in die Skrif vir ons geopenbaar word, in jou aan die gang te sit. Dan kom die genade in jou aan die werk wat jou skoonmaak, en vervang dit die moedeloosheid wat die nakoming van die wet in jou losmaak, sodat jy vry van die sonde kan lewe.

Die Gees wil jou skoonmaak van die dinge van die sondige natuur. Daarom moet jy nee sê vir die wet, sowel as vir die sonde, deur jou vryheid te soek in die krag van die inwonende en vervullende Gees, soos Gal. 5:18 hulle sal aanmoedig. Dan sal hulle die vrug van die Gees kan dra, soos Gal. 5:22 dit sal uitspel.

Die lewe in die Gees en volgens die beloftes van God staan dus teenoor die lewe volgens die wet sowel as teenoor die lewe in die sonde. Sonde raak sô maklik jou identiteit, as dit deel van jou lewenstyl begin raak, dat jy doodgewoon eindig as 'n slaaf van jou eie begeertes. En dan is daar vir jou geen verlossing meer moontlik nie. Wie hom of haar immers aan die sondes wat Paulus gaan uitspel, skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie.

Dié wat aan Christus behoort, het dus hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. Hulle is vrygemaak deur die Gees, daarom moet die Gees nou hulle lewe bepaal.

GALASIËRS 5

Ons leef deur die Gees

Sola Gratia



Ons Westerse samelewing het tot 'n groot mate die Franse Revolusie se slagspreuk van die laat 18de eeu omarm: Liberté, Égalité, Fraternité – vryheid, gelykheid en broederskap. Broederskap natuurlik bedoel in die sin van menswees, nie geslagtelik nie. Hierdie gedagtes was 'n natuurlike uitvloeisel van die Verligting van die 17de-18de eeu met sy klem op die rede en die wetenskap. Wat die Franse Revolusie egter skerp in die kollig gebring het, was die fokus op die bevryding van die individu van die gesag wat sisteme en waardestelsels op hulle uitgeoefen het, in die kerk sowel as in die staat.

Die effek op die kerk was natuurlik enorm. Want, die vryheid waarvan die Franse Revolusie gepraat het, was nie die vryheid wat in Christus beskikbaar was nie, maar was afgestem op die vryheid van die individu. Die mens se begeertes en behoeftes het in die sentrum kom staan. En vryheid het beteken dat jy kan kies hoe om te leef.

- Jy kon bepaal wat belangrik was vir jou.
- Jy kon die waardes kies waarvolgens jy leef.
- En niemand kon met jou daarvoor stry nie.
- Almal moes verdraagsaam wees, al het dié vryheid in konflik gekom met die waardes wat deur die eeue deur die Skrif en die belydenis beklemtoon is.
- Want vryheid het die vryheid van die individu beteken.

Nou, dit is nie die vryheid waarvan Paulus in sy brief aan die Galasiërs praat nie. Die vryheid waarvan Paulus praat, is die vryheid van die gewete voor God, die vryheid van die ewige toorn van God op die sonde:

- Vryheid is om nooit weer bang te wees dat jy gestraf sal word vir jou sonde nie.
- Vryheid is om te weet dat God in Christus jou as sy kind aangeneem het.
- Vryheid is om te weet dat God nooit weer vir jou kwaad sal wees oor jou sonde nie.
- Vryheid is om te weet dat God 'n plek vir jou voorberei het om vir ewig saam met jou te lewe.

Dit is die vryheid wat Christus gebring. Dit is daarom ook 'n vryheid van die wet. Dit is 'n vryheid van die sonde. Dit is 'n vryheid van die dood en die mag wat

dit oor ons uitoefen. En dít is die vryheid waarin ons moet vasstaan.

Kom ons luister hoe Paulus dit vir ons in hoofstuk vyf uitspel.

Galasiërs 5

1 Vryheid is waarvoor Christus ons bevry het! Daarom moet julle vasstaan en julle nie weer onder 'n juk van slawerny laat indwing nie!

'n Ernstige waarskuwing teen die besnydenis

2 Kyk, ek, Paulus, sê nou vir julle, as julle julle laat besny, sal Christus vir julle niks beteken nie. 3 Ek getuig weer teenoor elkeen wat hom laat besny, dat hy verplig is om die hele wet te onderhou. 4 Julle wat op grond van die wet vrygespreek wil word -julle is van Christus afgesny, julle het die genade verbeur! 5 Maar ons, ons verwag deur die Gees en op grond van geloof die vryspraak waarop ons hoop. 6 Want in Christus Jesus is besnedenheid of onbesnedenheid van geen belang nie, maar wel geloof wat deur liefde in daad omgesit word. 7 Julle het goed gehardloop. Wie het julle verhinder om die waarheid te gehoorsaam? 8 Dié oorreding kom nie van Hom wat julle roep nie. 9 'n Bietjie suurdeeg maak al die deeg suur. 10 Wat julle betref: Ek is in die Here daarvan oortuig dat julle nie van my sal verskil nie; maar die een wat julle verwar, sal die straf dra, wie hy ook al mag wees. 11 En ek, broers, as ek steeds die besnydenis verkondig, waarom word ek dan nog vervolgd? Dan is die struikelblok van die kruis immers uit die weg geruim. 12 Ek wens diegene wat julle so opstandig maak, wil hulleself volledig laat ontman!

'n Lewe deur die Gees

13 Julle, broers, is tog tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik sodat dit aanleiding gee vir ons sondige aard nie, maar dien mekaar deur liefde. 14 Want die hele wet word in één uitspraak vervul: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." 15 As julle mekaar byt en verslind, pas op dat julle mekaar nie verteer nie! 16 Maar ek sê: Leef deur die Gees, dan sal julle beslis nie die begeertes van ons sondige aard uitvoer nie, 17 want ons sondige aard begeer teen die Gees, en die Gees begeer teen ons sondige aard; die twee opponeer mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle ook al wil nie. 18 As julle egter deur die Gees gelei word, staan julle nie onder die toesig van die wet nie. 19 Die praktyke van ons sondige aard is goed bekend, naamlik onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, 20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloesie, woede, selfsug, tweespalt, skeuring, 21 afguns, dronkenskap, orgies en hierdie soort dinge —waarteen ek julle nou weer waarsku, soos ek julle vroeër gewaarsku het, naamlik dat diegene wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërf nie. 22 Maar die vrug van die Gees is: liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, 23 sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen hierdie soort dinge is daar nie 'n wet nie. 24 Almal wat aan Christus Jesus behoort, het ons sondige aard saam met sy hartstogte en begeertes gekruisig.

25 *Aangesien ons deur die Gees leef, moet ons ook volgens die Gees optree.*
26 *Laat ons nie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar jaloers wees nie.*
(BDV)

SOLA GRATIA

Die evangelie van genade

In die eerste deel van hoofstuk vyf beklemtoon Paulus dit dat die evangelie wat hy verkondig, die evangelie van genade is wat deur die Gees in hulle lewens aan die gang gesit is, 'n genade wat hulle leer om hulle geloof deur die liefde in daade om te sit. Hulle is vry om God te dien. *Sola gratia.*

Paulus maak daarom 'n dringende appèl op hulle om nie hulle band met hierdie genade van de Here Jesus Christus te verloor deur die dwaasheid van die Joodse wetsdrywers nie. En hy maak aanspraak op die persoonlike band wat hom met hulle verbind. Om die waarheid te sê, hy vertrou dat hulle vas sal bly staan in wat hy hulle geleer het, en hoop dat die dwaalleraars liever hulleself ernstig sal beseer ...

Paulus gaan so ver as om te sê dat jy die genade van God verbeur as jy jou besny. Jy verloor jou vryheid. Want, dan moet jy die hele wet nakom. Jy kan nie selektief wees en net een of twee goed kies wat jou pas om na te kom nie. Daarom dat hy sê dat in die evangelie van genade: "Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot daade oorgaan" (Gal. 5:6).

Ons geloof in Christus moet deur die liefde in daade omgesit word

Paulus probeer hiermee dus die volgende regkry:

- Hulle identiteit moet in die genade van Christus gesoek word en nie in die Joodse wet- en kultuurgebruike nie, anders loop hulle gevaar om terug te val in 'n eksklusiewe Joodse geloof en dit by mense wat nie eers ware Jode is nie. Hulle is juis vrygemaak van die las van die wet.
- Hulle gedrag moet in 'n geloofsverhouding met Christus gevestig wees deur die werk van die Gees, anders loop hulle gevaar om deur hulle gedrag Christus se genade te verbeur. Hulle is juis vrygemaak van die las van die sonde. Deur voort te leef in die sonde sou hulle die genade verbeur.

En moenie dink dat ons vry is van hierdie versoeking om die wet na te kom nie. Dink net terug aan die Sabbat wetgewing wat nog tot onlangs deel van ons land se wette was (nogal toegepas op 'n Sondag!) en in die kerk met oorgawe nagevolg is. Dit het berus op 'n Joodse interpretasie van die wet, nogal 'n verskraalde een, want ons het nie die besnydenis toegepas nie! En dan praat ons nie eers van die stig van aparte kerke wat op 'n ras-gebaseerde interpretasie van die Skrif begrond was nie, en eweneens 'n wet vir die gemeenskap van gelowiges geword het nie. Ons kerk ly nou nog aan die gevolge van daardie dwaasheid.

Die wet is nie 'n toetreding riglyn waardeur jy die geloofsgemeenskap kan binne kom nie. Die wet het wel die funksie dat dit jou van jou sonde bewus maak, dat dit die boosheid beperk. Maar sy grootste funksie in die gelowige se lewe is dat dit 'n reël van dankbaarheid is. Dit is 'n gedragsriglyn. Die diepste betekenis van die wet lê in die lewenstyl wat God deur sy Gees in ons vestig sodat ons van binne af volgens sy wil kan lewe.

Paulus se woorde is dus gemik teen enige reël wat ons van toepassing maak op die gemeenskap van die gelowiges as 'n hekkie waarvoor ons moet kom om deel van die gemeenskap van gelowiges te raak, en wat nie met geloof en die genade van die Here Jesus Christus in die eerste en enigste plek te make het nie.

Om dit saam te vat: “Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot daad oorgaan”. Dit is wat die evangelie van genade van ons vra.

Dra die vrug van die Gees in die gemeenskap van gelowiges

In die laaste deel van hoofstuk 5 aan die Galasiërs fokus Paulus op die Heilige Gees. En verkondig hy dat die geheim van 'n Gees vervulde lewe is om onder beheer van die Gees te lewe, om in gelid te kom met Hom en met Hom te wandel (peripateō), en nie onder beheer van die wet of die sondige natuur nie. Jou keuse bepaal die rigting waarin jou lewe ontwikkel.

- Óf jy dra al hoe meer die vrug van die Gees en loop die pad saam met Hom; Óf jy word beheer deur jou sondige begeertes en loop die pad van die sonde;
- Óf jy lewe in die kragveld van die Gees deur in gelid met Hom te wees; Óf jy leef in die kragveld van die vlees deur die vlees toe te laat om te oorheers in jou lewe.

Dit is hoe God se genade tot sy reg kom in jou lewe ... óf nie.

Kyk, as jy van 'n skip afval en verdrink, maak dit nie veel saak van watter kant van die skip jy in die water val nie, so sê Maarten Luther.

- Jy kan die genade van God verbeur as jy deur jou goeie daad en deur jou wetsgehoorsaamheid die Here probeer tevrede stel. En dit is verskriklik dat 'n mens jou só 'n dubbele las oplê. Om jou hier te onthou van bv. vleis, omdat jy dink dit sal die Here behaag, en dan agter te kom dat jy die ewigheid gemis het.
- Maar jy kan die genade van God ook verbeur as jy aan die ander kant jou vryheid misbruik om in die sonde voort te leef. Soos Judas, die ander broer van Jesus, in sy brief daarvoor skrywe: “Hulle misbruik die genade van ons God. Hulle gebruik dit as dekmantel om losbandig te lewe.” (vers 4). Wat hulle egter as vryheid verheerlik, sal hulle suur bekom in die hiernamaals, sê Judas. Verskriklik is hulle lot. Hier is hulle vasgevang in die moeras van hulle eie sonde. In die hiernamaals sal hulle vir ewig die straf van God oor die sonde moet dra.

Maar Paulus is van beter oortuig van die Galasiërs, al is hy in barensnood dat hulle weer die pad van die Gees sal bewandel. Daarom vermaan hy hulle om nie die genade te misbruik om sonde te doen nie, maar onder beheer van die Gees te lewe. “Dien mekaar deur liefde. Want die hele wet word in één uitpraak vervul: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’” (Lev. 19:18).

Die lewe onder beheer van die Gees is dus ‘n lewe in die gemeenskap van gelowiges waar jy jou naaste lief het soos jouself. Jou vryheid bestaan daarin dat jy in liefde leef met almal wat deel is van die geloofsgemeenskap.

Moenie die sondige praktyke van jou sondige aard uitvoer nie

Dit beteken dat jy sekere sondige praktyke (let op die meervoud, met die klem op wat mense doen) binne die GEMEENSKAP VAN GELOWIGES sal vermy, daarvan af sal wegvlug, die begeertes van jou sondige vlees nie sal uitvoer nie. Agt van die 15 sondige praktyke het met die konflik van liefdeloosheid in die gemeenskap van gelowiges te make: vyandskap, twis, jaloesie, woede, selfsug, tweespalt, skeuring en afguns.

Dit beteken ook dat jy jou PERSOONLIKE GEDRAG vry van sondige praktyke sal hou, dat jy daarvan sal wegvlug, dat jy die begeertes van jou sondige vlees nie sal uitvoer nie. Paulus wys hulle op sekere slegte moreel-etiese praktyke: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, dronkenskap (dronk-drink partytjies) en orgies (oordadige gefuif) asook die navolg van verkeerde godsdienstige praktyke: afgodery (beeld-aanbidding) en towery (gebruik van magiese voorwerpe).

Daarteenoor staan die vrug van die Gees (let op die enkelvoud, met die klem op hoe ‘n mens is) wat jou laat vasstaan in die vryheid van die genade van God. Dit het eweneens direk met PERSOONLIKE GEDRAG binne die GEMEENSKAP VAN DIE GELOWIGES te make: liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Jou vryheid in Christus maak jou verantwoordelik binne die gemeenskap van die geloof.

Maar belangrik, die ding is nie soseer iets wat jy doen nie, dit is iets wat in jou groei deur die werk van die Heilige Gees. Dit dui ‘n manier van omgaan met ander aan, ‘n manier van wees.

Uitleggers wys gereeld daarop dat hier 3 groepe van 3 deugdes genoem word. In lyn daarmee sal ek dit ook só kan voorstel:

1. Gawes vir jou innerlike lewe: liefde, blydskap, vrede;
2. Gawes vir jou gedrag in die gemeente: geduld, vriendelikheid, goedheid;
3. Gawes vir jou gedrag in die gemeenskap: getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Die lewe in die Gees het dus alles te make met ‘n mens se gedrag in die ge-

meenskap van die gelowiges. Jou gedrag word bepaal deur die liefde vir die naaste. Dit is wat die Gees in ons laat groei. Daarom sê Paulus in vers 25: “Aangesien ons deur die Gees leef, moet ons ook volgens die Gees optree”. Die Griekse woord vir optree (stoicheō) beteken dat ons sy standarde navolg, dat ons in gelid met sy leiding en insig binne die gemeenskap van gelowiges moet optree. Die Gees se standarde bepaal dus die liefde tot die naaste.

Staan vas in die vryheid van Christus se genade

Kom ons vat die boodskap van Paulus tot dusver saam.

1. Omhels die vryheid wat Christus vir jou gebring het van die wet sowel as van die sonde. Ons moet ons vryheid geniet, die vryheid wat Christus gebring het.

- Ons is vry van die vloek van die wet.
- Ons is vry van die skuld van Adam.
- Ons is vry van veroordeling.
- Ons is vry van die skuld, die mag en die slawerny van sonde.
- Ons is vry van die mag van Satan.
- Ons is vry om God se erfenis in besit te neem.

2. Beskerm jou vryheid. Moenie weer aan die wet gehoorsaam word nie, ook nie aan die sonde nie. Vryheid moet nooit 'n aanleiding wees vir die begeertes van jou sondige self nie, maar jou aanmoedig om in die liefde te leef soos die Gees jou lei.

3. Ontgin (express) jou vryheid. Dit sluit die verwagting en hoop op God se werk in jou lewe in, maar ook die aanmoediging om jou vryheid in dae van geloof in liefde uit te druk. Ons is vry om lief te hê. Ons is vry om nie te sondig nie. Dink daaraan: jy hoef nie te sondig nie, want jy is vry!

4. Gebruik jou vryheid. Jou vryheid is nie gemik op jou eie behoeftes en begeertes nie. Jou vryheid is gemik op diens aan medegelowiges onder leiding van die Heilige Gees. Moenie in sonde val nie, maar dien mekaar in liefde. Ons is geroep tot vryheid en moet dié kosbare roeping uitleef! Vryheid is nie rebellie teen God se wil nie. Die interessante is dat jy dan sal uitvind dat jy die wet nakom, nie in die spesifieke detail van die rituele en seremonies daarvan nie, maar in die intensie daarvan, om God lief te hê en ander soos jouself.

5. Ontwikkel (expand) jou vryheid. Laat die Gees jou lei dat jy nie swig voor die begeertes en versoekings van die vlees nie en jy die vrug van die Gees kan dra. Die wat aan Christus behoort, het immers hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig! Daarvan moet ons vlug van alle seksuele, godsdiensstige en sosiale kategorieë van begeertes van die vlees soos Paulus

dit in vyftien aspekte hier vir ons uitspel, en dan ook nog byvoeg: “en dergelike dinge”.

Ons kan nie bekostig om die vlees, die dier in ons, te voed nie. Ons kan die mag daarvan net ontvlug as ons vasstaan in die vryheid waartoe Christus ons geroep het deur te fokus op die Gees, om op die akker van die Gees te saai, soos hfst. 6 gaan sê.

Ek sluit af. Die geestelike lewe is ‘n stryd tussen die Gees en die vlees. Jy sal óf die een gehoorsaam óf die ander. Jy kan nie doen wat jy wil nie, sê Paulus.

Jy kan jou aan die beheer van die Gees oorgee wat jou in die vryheid van die genade van die Here Jesus Christus sal laat vasstaan en sy vrug in jou lewe sal dra. Óf jy kan jouself oorgee aan die begeertes van jou sondige natuur wat jou sal laat vasval in seksuele, godsdienstige en sosiale sondige begeertes. En jy sal dink dat jy vry is om te doen wat jy wil, maar jy sal doodgewoon ‘n slaaf word van jou eie begeertes.

My gebed is dat jy sal vasstaan in die vryheid wat Christus jou gee deur die genade van die vergifnis wat Hy bewerk het vir jou aan die kruis. En om die Gees toe te laat om jou lewe skoon te maak en vas te laat staan in die vryheid van sonde sodat jou geloof deur die liefde sal oorgaan in daade. Sola gratia.

GALASIËRS 6

Ons dra mekaar se laste

Soli Deo Gloria



Daar word vandag baie geskryf oor die liefde en dat die liefde die sleutel tot die Christelike lewe is. Sô ook in 'n Kerkbode van 2017. Liefde is “nie 'n wet-tiese soort gehoorsaamheid” nie, soos ons dit ook in Galasiërs 2 tot 5 gehoor het. Dit word beklemtoon: “Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit.” En: “Al wat van belang is, is die geloof wat deur die liefde tot daad oorgaan.” Liefde word dus verstaan as ‘n dienende ondersteunende gesindheid wat die belange van ander op die hart dra.

En dit is reg so.

Die liefde word in die konteks van die sonde uitgeleef

Maar waarom daar nie genoeg geskrywe, gedink en gepraat word nie, is die konteks waarbinne dié liefde uitgeleef moet word. Die konteks in Galasiërs 5 en 6 is die konteks van die sonde. Paulus skryf oor die stryd tussen die Gees en die vlees, die stryd tussen die vrug van die Gees en die sondige praktyke van die vlees.

En die liefde waartoe ons opgeroep word, is om juis in die konteks van die sonde wat sô maklik op ‘n persoonlike, gemeentelike en sosiale vlak hand uit ruk: “deur die liefde tot daad” oor te gaan. Ons moet genoeg omgee om mekaar se laste te dra, en dan praat Paulus nie van die las van een of ander behoefte nie, maar baie spesifiek die las wat die sonde op ons plaas, soos hy in Galasiërs 6 baie pertinent gaan skryf.

Die liefde vir mekaar beteken dus in Galasiërs 5 en 6 dat ons nie onself of ander mense toelaat om in die stryd tussen die Gees en die vlees in die sonde te val en daarin te bly nie. Ons liefde roep ons op om sô veel om te gee dat ons bereid sal wees om met sagmoedigheid iemand wat in een of ander sonde val, reg te help, en so die las van iemand te help dra wat gebuk gaan onder die uitdaging van versoekings en vasgevang is in die worsteling tussen die Gees en die vlees wat sô heftig in ons kan woed. “Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van Christus”, die wet van die liefde, sê Paulus in Galasiërs 6:2. Terwyl ons versigtig is dat ons self versoek word.

Neem persoonlik en as geloofsgemeenskap verantwoordelikheid in die stryd teen die sonde

Dit gaan dus nie hier in Galasiërs 5 en 6 oor die hulp aan behoeftiges of lydendes nie, hoewel daar natuurlik baie ander gedeeltes in die Bybel is wat dit

beklemtoon. Hier is Paulus egter besig om te sê dat die liefde ons oproep om aan die een kant persoonlik verantwoordelikheid te neem om die suigkrag van die sonde deur 'n wandel in die teenwoordigheid van die Gees (peripateō) die hoof te bied (vers 16). Aan die ander kant moet ons as geloofsgemeenskap ons ten doel stel om saam soos in 'n peleton te marsjeer in gelid met die Gees (stoicheō) om volgens sy waardes op te tree (vers 25).

Dit sluit in dat ons persoonlik sorg dat ons nie verval in die sondes van onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, dronkenskap, en orgies nie. Dit sluit ook in dat ons in ons gemeenskap met mekaar sal sorg dat ons mekaar lief het deur nie in vyandskap, twis, jaloesie, woede, selfsug, tweespalt, skeuring en afguns te verval nie.

Uiteraard moet ons ook nie by afgodery en towery betrokke raak nie, maar eerder fokus daarop om die vrug van die Gees in ons lewe toe te laat: die gawes vir jou innerlike lewe: liefde, blydskap, vrede; die gawes vir jou gedrag in die gemeente: geduld, vriendelikheid, goedheid; en die gawes vir jou gedrag in die gemeenskap: getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Net soseer dat ons as 'n geloofsgemeenskap moet waak daarteen dat ons onself in die hok waarin die wet ons kan toesluit, bevind, sō moet ons waak teen die moeras van die sonde wat ons kan verstrik en in losbandigheid kan laat verval.

Kom ons lees hoe Paulus dit in Galasiërs 6 verwoord.

Galasiërs 6

1 Broers, as iemand deur een of ander sonde oorval word, moet julle wat die Gees het, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp; maar let op jouself dat ook jý nie versoek word nie. 2 Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van Christus. 3 As iemand meen dat hy iets is terwyl hy niks is nie, bedrieg hy homself. 4 Elkeen moet sy eie dade beoordeel; dan sal hy sy trots net vir homself kan hou sonder om by ander daarvoor te spog, 5 want elkeen moet sy eie las dra. 6 Wie onderrig ontvang, moet die een wat hom onderrig, laat deel in al die goeie dinge wat hy besit. 7 Moet julle nie laat mislei nie —God laat Hom nie bespot nie! Wat die mens ook al saai, sal hy maai. 8 Hy wat in sy sondige aard saai, sal uit sy dige aard vernietiging oes, maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe oes. 9 Laat ons daarom nie moeg raak om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die regte tyd oes. 10 Daarom: Laat ons dan, terwyl ons die geleentheid het, aan almal goed doen, maar veral aan ons geloofsgenote.

Finale waarskuwing

11 Kyk met watter groot letters skryf ek nou vir julle in my eie handskrif. 12 Mense wat deur die uiterlike 'n indruk wil maak —dit is hulle wat julle probeer dwing om besny te word, net sodat hulle nie ter wille van die kruis van Christus

vervolg sal word nie. 13 Want diegene wat ten gunste van die besnydenis is, onderhou self nie die wet nie, maar hulle wil hê dat julle besny word sodat hulle oor julle uiterlike kan spog. 14 Maar wat my betref, mag dit my tog nie oorkom dat ek spog nie, behalwe oor die kruis van ons Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld. 15 Want besnedenheid of onbesnedenheid beteken hoegenaamd niks nie, maar wel die nuwe skepping. 16 Vir hulle wat volgens hierdie beginsel leef: vrede en barmhartigheid –en vir die Israel van God! 17 Ten slotte, niemand moet my verder moeite gee nie, want ek dra die littekens van Jesus aan my liggaam.

Dra mekaar se laste wanneer die sonde iemand oorval

Ek wonder hoeveel van julle het gedink dat Paulus hier van laste in die konteks van sonde praat. Ek dink ons almal het eintlik dié frase los van die konteks gehoor, soos 'n koringkorrel, en verkeerdelik aanvaar dat Paulus hier doodgewoon praat van die laste van die lewe, dié dinge wat verkeerd gaan, die uitdaging van siekte, of finansiële nood, of watter ander krisis mense ook al tref.

Maar, dit is nie waaroor Paulus hier praat nie. Hy praat van dié gevalle van ons geloofsgenote wat deur een of ander sonde oorval word, hetsy persoonlik in onsedelikheid, onreinheid of losbandigheid of in die gemeenskap deur vyandskap, tweespalt of selfsug.

En sy opdrag aan ons is om met groot versigtigheid in liefde en sagmoedigheid – as deel van die vrug van die Gees – betrokke te raak en só iemand reg te help, terwyl jy versigtig is dat jy nie self in sonde val, deur bv. by die vyandskap betrokke te raak of self in losbandigheid te verval nie.

Dit is dié tipe liefde waarvan hy praat as hy sê dat as ons só mekaar se laste help dra, dan is ons besig om die wet van Christus, die wet van die liefde uit te voer. “Caring enough to Confront”, soos iemand een keer gesê het.

Paulus beklemtoon dus in hoofstuk 6 hoe ons mekaar lief moet hê, hoe ons mekaar moet help, veral as iemand in sonde val. Dra mekaar se laste, die laste wat kom as die sonde ons oorval. Dit is die essensie van ons liefde vir mekaar.

Help mekaar reg in 'n gees van sagmoedigheid

Help mekaar reg in 'n gees van sagmoedigheid. Dit is só 'n belangrike deel van ons Christelike lewe. Maar dit is natuurlik ook iets wat regtig baie van jou vra, want dit beteken jy moet afstand doen van jou eie behoeftes en ander s'n eerste stel. Jy sal die versoeking moet weerstaan om ander se probleme te gebruik om jou eie beeld, hetsy persoonlik of publiek, te bou.

Want, dit is hoe ons baie keer reageer op ander se probleme. Ons dink nie daaraan hoe ons hulle kan help nie. Eerder hoe ons daaruit baat kan vind.

Jy sal sien dat mense wat aan 'n minderwaardigheidskompleks ly, hulle sal verheug oor ander se skande, want dit bring die sondaars nader aan hulle

eie vlak. Mense wat aan 'n meerderwaardigheidskompleks ly, sal hulle weer verheug oor ander se skande, omdat dit dan duidelik blyk dat hulle beter is as die sondaars. Nee, ons moet ander reghelp in 'n gees van sagmoedigheid, sonder om ons eie beeld daardeur te probeer bou. Terwyl ons ook versigtig is dat ons nie self in sonde val nie.

Ons moet dus nie ander mense se probleme gebruik om ons eie beeld te bou nie. Ons moet mekaar se laste dra. Dit beteken dat jy 'n deel van hulle las jou eie maak. Jy kan immers nie iemand help dra aan iets, sonder dat 'n deel van hulle las ook joune word nie. Dit is soos om 'n swaar ding soos 'n tafel te dra. As dit 50 kg weeg as jy dit self dra, dan weeg dit eintlik net 25 kg as twee van julle dit dra. Dit is wat gebeur as jy iemand se laste dra. 'n Deel daarvan word jou las. En ons moet dit ons missie in die lewe maak. Ons moet mekaar se laste dra.

Maar, Paulus is heel duidelik hieroor. As jy te veel van jouself dink, dan sal jy dit nie doen nie. Dit is wat vers 3-5 sê. Daarom, moet jouself nie mislei nie. As jy iets doen wat goed is, reg so. Geniet dit, maar moenie jouself begin vergelyk met ander nie, want dan sal jy net begin om jouself te mislei, en nie bereid wees om ander te help nie.

Leef die kruisevangelie

Onthou dat jy self ook blootgestel is aan die stryd tussen die Gees en die vlees, dat die sonde ook vir jou loer om jou in sy mag te kry, soos die Here vir Kain gewaarsku het al in Genesis 4. Jy moet self sorg dat jy in die Gees wandel en in gelid met die geloofsgemeenskap volgens die waardes van die Gees, terwyl jy uitreik na dié wat dit moeilik vind in die stryd teen die sonde.

Dit is hoe die kruisevangelie daar uitsien, soos Paulus in vers 11 en verder aanvoer. Mense probeer deur die eeue die kruis uit die evangelie uithaal. Dit is in effek wat Petrus en Barnabas gedoen het deur hulle met die Jode en nie die gelowiges uit die heidene te assosieer nie. Hulle het probeer om die Jode te beïndruk, om op hulle 'n goeie indruk te maak, om populêr te wees. Hulle het egter daarmee die besnydenis, die kenmerkende identiteitsmerker van die Jode, verheerlik, en dit as iets waarop 'n mens trots kan wees, vir ander voorgehou.

Want, hulle het geweet, as hulle dit nie doen nie, sal die Jode hulle aanvat en vervolg. Hulle het dus die populêre weg gevolg. Met die gevolg, dat hulle die kruis van die Here Jesus daardeur ontwyk het, nie die pyn gevat het van die assosiasie met die gelowiges uit die heidene nie. En só het hulle ontrou geword aan die kruisevangelie van hulle Heer en Meester, Jesus Christus.

Al wat van belang is, is dat ons as nuwe mense leef

Die enigste ding wat vir hulle belangrik moes wees, is of mense nuwe mense is of nie. Of hulle dit regkry om in die Gees te wandel en die vrug van die Gees

dra, of hulle oorwin in die stryd tussen die Gees en die vlees. En as hulle nie slaag nie, moet hulle met sagmoedigheid reggehelp word. Of die gelowiges vroeër Jode was of heidene het nie 'n snars saak gemaak nie. Die ware Israel was dié mense wat nuwe mense geword het, en wat in Christus geroem het, nie in die besnydenis of die wet nie. En verseker nie die genade misbruik het om in sonde voort te leef nie.

Daarom, sê Paulus, is dit so belangrik om op die akker van die Gees te saai, en nie op die akker van die vlees nie, hetsy op die akker van die sondes waarvoor hy in Galasiërs. 5 geskryf het nie, óf op die akker van die gehoorsaamheid aan die wet waarvoor hy eintlik amper tot vervelens toe in die hele brief skryf.

Wat jy saai, sal jy maai

Moenie jouself mislei nie. God laat nie met Hom spot nie. Wat jy saai, sal jy ook maai. As jy saai op die akker van die sondige vlees, sal jy die dood en die verderf oes. As jy saai op die akker van die Heilige Gees sal jy die ewige lewe oes. Die eer behoort altyd en alleen aan God. Soli Deo Gloria.

Dus, moenie moeg word om goed te doen nie. Moenie verslap nie. Moenie terugdeins nie. Dra mekaar se laste. Help mekaar reg in 'n gees van sagmoedigheid. Doen goed aan almal, veral aan die medegelowiges.

Dit is die vryheid waartoe ons geroep word, om mekaar te dien en mekaar reg te help, uit liefde.

Dit is waarvoor Jesus Christus aan die kruis gesterf het. Hy het gesterf sodat ons God se guns kan verwerf. Hy het ons sondeskuld gedra sodat ons vry kan raak van die strik van die wet en die sonde. Hy het die prys vir ons betaal sodat ons die ewige lewe kan beërwe.

Dit is die enigste ding waarop jy trots kan en mag wees. Die kruis van die Here Jesus Christus. Niks anders tel nie. Dit is die beginsel waaruit ons almal moet lewe. Want, dit is net diegene wat vasstaan in die vryheid wat God vir ons in Christus gegee het, wat die vrede van God sal ervaar en sy barmhartigheid sal beleef.

Soos in van sy ander briewe (1 Kor. 16:21; Kol. 4:18; 2 Tess. 3:17) sluit Paulus dié een af in sy eie handskrif. En dit is heel gepas 'n snydende aanval op die besnydenis voorstanders. Hy wys onder andere uit dat hulle dit eintlik om selfsugtig redes doen, om met hulle beheer oor die liggaam van ander te kan spog. "Of 'n mens besny is of nie, is nie van belang nie, maar dat jy 'n nuwe mens is".

Hierdie nuwe mense, mense wat vry gemaak is deur Christus, is die ware Israel – die eerste keer dat hy so prontuit hierdie term gebruik en op die kerk van toepassing maak (Romeine 9-11 brei hierop uit).

Soli Deo Gloria!



**SOLA
GRATIA**

alleen uit genade

**SOLA
FIDE**

alleen deur geloof

**SOLUS
CHRISTUS**

alleen Christus

**SOLA
SCRIPTURA**

alleen die Bybel

**SOLI
DEO GLORIA**

alleen eer aan God